juízo (*m.*) — oordeel, insig, sin; **dia** (*m.*) **de juízo** — oordeelsdag; **juízo das armas** — beslegting deur wapens; **juízo de Deus** — vuurproef gesien as Gods oordeel; **pessoa** (*f.*) **de juízo** — verstandige persoon; **comparecer em juízo** — om voor die hof te verskyn; **dar volta ao juízo** — om mal te maak; **estar em seu juízo** — om nugter te wees; **ir a juízo** — om hof toe te gaan; **perder o juízo** — om van jou verstand af te raak

ulgado, -da — veroordeel; beskou; **causa** (f.) **ulgada** — afgehandelde saak; **passar emulgado** — om ('n saak) af te handel
ulgamento (m.) — oordeel; uitspraak
ulgar — om te oordeel, uitspraak te lewer; om te beoordeel; om te vermoed, te dink
Julho (m.) — Julie
juliano, -na — Juliaans; **sopa** (f.) **juliana** — julienne, groentiesoep
jumento (m.) — esel
juncado, -da — besaaï, oordek
juncal (m.) — rietbos
junção (f.) — vereniging, samevoeging; (spoorweg)aansluiting
juncar — om te bestrooi, rond te strooi
junco (m.) — riet
junco (m.) — jonk, Sjinese skip
jungir — om te juk, in te span
Junho (m.) — Junie
júnior — junior
junqueira (f.) — rietbos; (Bras.) soort beesras
junquilha (m.) — affodil
junta (f.) — gewrig, lit; las, naat; **junta universal** (mech.) — cardan-koppeling
junta (f.) — vergadering; junta, offisiërs-komitee; **junta administrativa** — bestuursraad; **junta consultiva** — adviesraad; **Junta de freguesia** — dorpsraad, wysraad; **Junta Nacional do Vinho** — nasionale wynraad
juntar — om saam te voeg; om by te voeg; **juntar os trapos** (coll.) — om te gaan saamwoon; **juntar-se** — om saam te span
junteira (f.) — sponningskaaf
junto, -ta — saamgevoeg, saam; **vender por junto** — om voor die voet te verkoop; **junto de** — naby, langs
juntura (f.) — gewrig, lit
jura (f.) — eed
jurado, -da — gesweer; (subst.) (m.) jurielid; **inimigos** (m. pl.) **jurados** — geswore vyande
juramento (m.) — eed; **fazer/prestar juramento** — om 'n eed af te lê; om te sweer
jurar — om te sweer; om 'n eed af te lê;

jurar pela pele a alguém — om 'n wrok teen iemand te koester
jurássico, -ca — Jurassies
júri (m.) — jurie; raad van eksaminatore
juridico, -ca — juridies, regs kundig; regs-jurisconsulto (m.) — regsadviseur
jurisdição (f.) — jurisdiksie
jurisprudência (f.) — jurisprudence, algemene regsleer
jurista (m., f.) — juris, regs geleerde
juro (m.) — rente; **de juro e herdade** — kragtens die erfgenaamskap
jus (m.) — reg; **fazer jus a** — om tot sy reg te laat kom; (Bras.) om te verdien
jusante (f.) — laagwater; eb; **a jusante** — stroom af
justa (f.) — toernooi
justapor — om naas mekaar te stel
justaposição (f.) — naasmekaarstelling, jukstaposisie
justaposto, -ta — naas mekaar gestel
justeza (f.) — juistheid
justiça (f.) — geregtigheid; justisie; **executor** (m.) **de alta justiça** — beul, laksman; **dizer de sua justiça** — om jou sê te sê; **fazer justiça a alguém** — om billik te wees teenoor iemand
justiçado (m.) — tereggestelde
justiçar — om tereg te stel
justiceiro, -ra — onverbiddelik; (subst.) (m.) wreker; **anjo** (m.) **justiceiro** — wraakengel
justificação (f.) — regverdiging
justificar — om te regverdig; **os fins justificam os meios** — die doel heilig die middel
justificativo, -va — regverdigend; **documento** (m.) **justificativo** — bewysstuk
justificável — regverdigbaar
juta (f.) — jute, basveselstof
justo, -ta — regverdig; reg; (subst.) (m.) regverdige; **vestido** (m.) **justo** — nou sluitende rok; **dormir o sono dos justos** — om die slaap van die regverdiges te slaap; **à justa** — net genoeg, net reg; **chegámos à justa para o combóio** — ons het die trein net-net gehaal
juvenil — jeugdig; **delinquência** (f.) **juvenil** — jeugmisdaad
juventude (f.) — jeug; jeugdigheid

K

kantiano, -na — Kantiaans, van Kant
kepleriano, -na — van Kepler (Duitse astronoom)

kodak (m.) — kleinbeeldkamera
kraal (m.) — kraal (van hoofman)

L

lá (*m.*) (*mus.*) — A

lá — daar; **ser tu cá, tu lá** — om op intieme voet te wees; **está lá?** (**ao telefone**) — hallo (oor die telefoon)

lã (*f.*) — wol; **lã de vidro** — glaswol; **lã virgem** — nuwe wol; **ir buscar lã e ficar tosquiado** — om bedroë daarvan af te kom; **ir/vir com pés de lã** — om lig te loop

labareda (*f.*) — vlam

labéu (*m.*) — klad (*fig.*)

lábia (*f.*) — aanleg vir sluwe praatjies; **ter muita lábia** — om 'n gladde mond te hê

labial — labiaal; (*subst.*) (*m.*) labiaal, lipklank

lábio (*m.*) — lip; **lábio leporino/lábio rachado** (*coll.*) — haaslip; **morder os lábios** — om op jou lippe te byt; om op die tande te byt

labiodental — labiodentaal

labiríntico, -ca — labirinties, labirint-

labirinto (*m.*) — doolhof, labirint

labor (*m.*) — werk

laboração (*f.*) — werking

laborar — om te werk; **laborar a terra** — om die grond te bewerk

laboratório (*m.*) — laboratorium

laborioso, -sa — hardwerkend, arbeidsaam; moeisaam

labrosta (*m., f.*), **labroste** (*m.*), **labrego** (*m.*) — plaasjapie, takhaar

labuta (*f.*), **labutação** (*f.*) — geswoeg, harde werk

labutar — om te swoeg, hard te werk

laca (*f.*) — skellak; haarsproeimiddel

laçada (*f.*) — skuifknoop; omslag

lacaio (*m.*) — lakei

laçar — om (met 'n lasso) te vang

laçarote (*m.*) — strik; (*pl.*) (*Bras.*) tierlantyntjies

lacedemônio, -ia — Lacedemonies, Spartaans; (*subst.*) Lacedemoniër, Spartaan

laceração (*f.*) — verskeuring

lacerante — martelend; hartverskeurend

lacerar — om te verskeur

laço (*m.*) — strik; strikdas; lasso, vangriem; **laços de amizade** — vriendskapsbande; **armar o laço** — om 'n lasso gereed te maak; (*fig.*) om 'n strik te stel; **cair no laço** — om in die strik te trap

lacrónico, -ca — lakonies; pittig

laconismo (*m.*) — kortaf manier

lacrãia (*f.*) (*Bras.*) — giftige gogga

lacrar — om te lak, met lak te verseël

lacrãu (*m.*) — skerpioen

lacre (*m.*) — seëllak; lak

lacrimal — traan-

lacrimejar — om te traan

lacrimogéneo, -ea — wat trane veroorsaak;

gãs (*m.*) **lacrimogéneo** — traangas

lacrimoso, -sa — vol trane, onder trane; droefgeestig

lactação (*f.*) — laktasie, melkafskeiding, melkvoeding

lactante — melkgewend; (*subst.*) suigeling

lactar — om te soog, te laat drink

lactário (*m.*) — melkvoedingsinrigting vir arm kinders

lácteo, -ea — melk-; melkwit; **produtos** (*m. pl.*) **lácteos** — suiwelprodukte; **Via** (*f.*) **Láctea** — Melkweg

lactícinio (*m.*) — suiwelprodukt

lacuna (*f.*) — lakune, gaping, leemte

lacunar, lacunoso, -sa — onvolledig, vol leemtes

lacustre — meer-; (*subst.*) (*m. pl.*) (prehistoriese) paalbewoners; **povoação** (*f.*) **lacustre** — (prehistoriese) paalorppe

ladainha (*f.*) — litanie; (*fig.*) langdradige uiteensetting, jeremiade

ladear — om (weerskante) te begelei; **o rio ladeia a estrada** — die rivier loop al langs die straat

ladeira (*f.*) — steilte, helling; **ladeira abaixo** — afdraand; **ladeira acima** — opdraand

ladino, -na — listig; Reto-Romaans

lado (*m.*) — kant, sy; **pôr de lado** — om opsy te skuif; **ao lado de** — langs; **de lado** — ter syde; op die sy; **de lado a lado** — van kant tot kant; **por um lado**

... por outro lado — enersyds... andersyds

ladra (*f.*) — vroulike dief; **feira** (*f.*) **da ladra** — vlooiemark

ladrão (*m.*) — dief; **a ocasião faz o ladrão** — die geleentheid maak die dief; **ah! ladrão!** — o, jou vabond!

ladrar — om te blaf; **ladrar à lua** — om agteraf sleg te sê

ladrilhado, -da — geplavei, met klipteëls uitgelê

ladrilhar — om met klipsteëls uit te lê
ladrilheiro (*m.*) — teëlsetter
ladrilho (*m.*) — klipsteël, plaveisteen
ladroagem (*f.*) — diewebende
ladroar — om te steel
ladroeira (*f.*), **ladroice** (*f.*) — diefstal
ladrona (*f.*) — vroulike dief
lagar (*m.*) — olyfpers, wynpers
lagareiro (*m.*) — eienaar van olyfpers/wynpers
lagarta (*f.*) — maaier, ruspe; (*mech.*) rusperband
lagartixa (*f.*) — akkedissie
lagarto (*m.*) — akkedis; **dizer cobras e lagartos de alguém** — om iemand sleg te sê
lago (*m.*) — meer; dammetjie
lagoa (*f.*) — meertjie; pan, vlei
lagosta (*f.*) — kreef
lagostim (*m.*) — krefie; (Moç.) garnaal
lágrima (*f.*) — traan; **beber as lágrimas a alguém** — om iemand te troos; **lavado em lágrimas/desfeito em lágrimas** — vol transe; **a vida é um vale de lágrimas** — die lewe is 'n tranedal
lagrimejar — om te huil, te ween
lagrimoso, -sa — tranerig
laguna (*f.*) — lagune, strandmeer
lai (*m.*) — Middeleeuse digvorm
laia (*f.*) — soort; **ser da mesma laia** — om voëls van eenderse vere te wees; **à laia de** — soos; **eu não sou da sua laia** — ek is nie van jou soort nie
laicismo (*m.*) — lekedom, leke
laico, -ca — leke-, wêreldlik
laivar — om vuil te maak, te besmeer
laivo (*m.*) — vuil kol, vlek; **ter laivos de história/mecânica** — om 'n vae idee van geskiedenis/werktuigkunde te hê
laja (*f.*), **laje** (*f.*), **lájca** (*f.*) — plaveisteen, leiklip; (*arch.*) betonblad; klipblad, marmerblad
lajeado, -da — met leiklip uitgelê
lajear — om met klip uit te lê, te plavei
lajeado (*m.*) — plaveisel
lajem (*f.*) — vide: **laja**
lama (*f.*) — modder; **arrastar alguém pela lama** — om iemand se naam deur die modder te sleep; **salpicar de lama** — om met modder te gooi; (*fig.*) om te beswadder; **ser de lama** — om 'n lamsak te wees; **tirar alguém da lama** — om iemand uit die moeras te help
lama (*m.*) — lama, Suid-Amerikaanse kameelskaap
lama (*m.*) — lama, Tibetaanse priester
lamaçal (*m.*), **lamaceira** (*f.*), **lamaceiro** (*m.*) — modderpoel

lamacento, -ta — modderig
lambada (*f.*) (*coll.*) — klap, oorveeg; (*Bras.*) dop
lambança (*f.*) (*coll.*) — lekker kos; (*fig.*) grootbekkigheid
lambanceiro (*m.*) — vraat; grootbek; intrigant
lambão (*m.*) — gulsigaard, vraat
lambarar — om te vreet (*coll.*)
lambareiro (*m.*) — gulsigaard, vraat; losbek
lambarice (*f.*) — lekkerny; vraatsug
lambedor (*m.*) — (hoes)stroop
lamber — om te lek (met die tong); **lamber os beiços/lábios** — om jou lippe af te lek; **lamber os pés a alguém** — om by iemand in te kruip (*fig.*); **lamber a poeira** — om in die stof te byt; **estar-se lambendo por** — om dol te wees op; as **chamas lambem o telhado** — die vlamme lek-lek aan die dak; **ele lambeu toda a comida** — hy het alles opgevreet
lambida (*f.*), **lambidela** (*f.*) — lek
lambisgóia (*f.*) — gefrustreerde ou skinderbek
lambisqueiro, -ra (*coll.*) — wat graag peusel
lambrequim (*m.*) — helmkleed, lambrekyn
lambretista (*m., f.*) — bromponieryer
lambril (*m.*), **lambrim** (*m.*) — vloerlyf, plafonlyf; (*pl.*) paneelwerk, beskot
lambrisar — om te lambriseer, met paneelwerk te beklee
lambuzada (*f.*) (*coll.*) — gemors
lambuzadela (*f.*) — vuil kol, vlek; (*fig.*) oppervlakkige kennis
lambuzar — om te besmeer, te bemors
lamecha — stroperig, oorsentimenteel
lameiro (*m.*) — modderpoel
lamelado, -da — gelamelleer
lamelar — om te lamelleer
lamentação (*f.*) — weeklag, klaaglied, jammer; **muro** (*m.*) **das lamentações** — klaagmuur
lamentar — om te weeklaag; om te treur oor; **lamentar-se** — om jouself te bejammer; **lamento ter chegado tarde** — jammer ek is laat
lamentável — betreurenswaardig, jammerlik
lamento (*m.*) — gesteun; jammerklag
lamentoso, -sa — jammerend, klaend
lâmina (*f.*) — metaalplaat; lem; **lâmina de barbear** — skeerlemmetjie
laminación (*f.*), **laminagem** (*f.*) — walsproses, laminering
laminador (*m.*) — walsery, walswerk
laminar — om te wals, te lamineer

laminar — plaatvormig, blad-
laminoso, -sa — gelamelleer; plaatvormig, laagvormig
lamiré (m.) — stemburk; **dar o lamiré a alguém** — om iemand 'n aanduiding te gee
lâmpada (f.) — gloeilamp; lamp; **lâmpada votiva** — ewige vlammetjie
lampadário (m.) — kroonlugter; staanlamp
lampana (f.) — leuen; gekskoordery
lamparina (f.) — olieliggie; (*coll.*) oorveeg; **acender a lamparina (fig.) (coll.)** — om 'n glas weer vol te skink; **estar de lamparina apagada (coll.)** — om met 'n leë glas te sit, „droog” te sit
lampeiro, -ra — op en wakker, gretig
lampejar — om te blits
lampejo (m.) — ligflits; (*fig.*) ingewing
lâmpião (m.) — lantern
lampo, -pa — vroeëgryp (vrugte)
lampreia (f.) — lamprei, prik
lamúria (f.) — jammerklag, gejammer
lamuriant — klaend, kermend
lamuriar — om te kla, te kerm
lana-caprina, questão (f.) de ... — onbe-nulligheid
lanar — wol-
lança (f.) — lans, speer; (*obs.*) soldaat; **meter uma lança em África** — om 'n prestasie te lewer; **quebrar lanças por alguém** — om 'n lansië vir iemand te breek
lança-chamas (m.) — vlamwerper
lançada (f.) — lanssteek
lançadeira (f.) — weefspoel; skuitjie (naai-masjien)
lançador (m.) — bieër
lança-foguetes (m.) — vuurpyltoestel
lançamento (m.) — lansering; inskrywing (boekhou)
lança-minas (m.) — mynlêer
lançar — om te gooi, te werp; **lançar fora** — om weg te gooi; om op te gooi; **lançar na conta** — om op 'n rekening te plaas; **lançar no mercado** — om te bemark; **lançar os alícerces** — om die fondament te lê; **lançar os olhos (para)** — om jou hart te sit (op); **lançar poeira aos olhos de** — om sand in iemand se oë te strooi; **lançar por terra** — om omver te gooi; **lançar rebentos** — om uit te loop; **lançar suspeitas sobre alguém** — om iemand onder verdenking te plaas; **lançar um livro** — om 'n boek te „stoot”; **lançar um navio ao mar** — om 'n skip te water te laat; **lançar-se de cabeça (em)** — om jou halsoorkop (in iets) te begewe; **lançar-se nos braços**

de alguém — om in iemand se arms te val; **o mar lançou um tesouro à praia** — 'n skat het op die strand uitgespoel
lança-torpedos (m.) — torpedobuis
lance (m.) — voorval; avontuur, risiko; **de um lance** — in een asem, met een sprong; **os lances da fortuna** — die wisselvalligheid van die lewe
lanceiro (m.) — lansiër
lanceolado, -da — lansetvormig
lanceta (f.) — lanset
lancetada (f.) — lansetsny
lancetar — om met 'n lanset in te sny
lança (f.) — motorboot
lanhão (m.) — groot plesierboot, barkas
lanchar — om 'n elfuurtjie/vieruurtjie te geniet
lanche (m.) — elfuurtjie/vieruurtjie
lancil (m.) — randsteen
lancinante — folterend, hartverskeurend
lanço (m.) — gooi; bod; vangs
landó (m.) (obs.) — landauer
langor (m.) — traagheid, loomheid
langoroso, -sa — traag, lomerig
langua (f.) — vlei
langue — mat, traag; sinlik, smagtend
languescer — om te smag; om te versmag
languidez (f.) — smagting; traagheid, loomheid
lânguido, -da — mat, traag; sinlik, smag-tend
lanhar — om te sny, oop te kloof
lanho (m.) — sny, gapende wond
lanifero, -ra — woldraend
lanificio (m.) — wolstof
lanigero, -ra — woldraend
lanolina (f.) — lanolien
lanoso, -sa — wollerig
lantejoula (f.) — blinkertjie
lanterna (f.) — lantern; flitslig; (*arch.*) lanternvormige bolig in koepels; (*fig.*) (*coll.*) bottel drank; **lanterna mágica** — towerlantern; **ser o lanterna vermelha (coll.)** — om nommer laas te wees
lanternim (m.) — lanternertjie
lanudo, -da — wollerig, harig
lanugem (f.) — dons, harigheid
lanuginoso, -sa — donsig, pluiserig
lanzudo, -da — wollerig; ongekam, lang-harig, slordig
lapa (f.) — grot; klipmossel; **pegar-se/agarrar-se como uma lapa** — om soos klitsgras vas te klou
lapão (m.) — Lap; Laplands, Laps (taal); (*adj.*) Laplands, Laps
lapão (m.) — growwe vent
láparo (m.) — hasie, konyntjie
lapela (f.) — lapel

lápida (f.) — gedenksteen, gedenkplaat
lapidação (f.) — steniging; slyp
lapidagem (f.) — edelsteenslyping
lapidar — om te stenig; om te slyp
lapidar — kort en bondig, kernagtig, lapidêr
lapidaria (f.) — edelsteenslypery
lapidário (m.) — edelsteenslyper
lápide (f.) — gedenksteen, gedenkplaat
lápís (m.) — potlood; **lápís infernal** — helsteen; **apapar/afiar o lápís** — om 'n potlood skerp te maak
lapiseira (f.) — draaipotlood
lápís-lazúli (m.) — lapis lazuli, lasuursteen
lapónio, -ia — grof, onbeskof
lapso (m.) — lapsus, vergissing; tydjie; **estes casos ocorreram no lapso de um ano** — hierdie gevalle het binne die verloop van een jaar voorgekom
lapúrdio (m.), **lapuz** (m.) — gomtor, lum-mel
laqueação (f.) — afbind (van bloedvate)
laquear — om 'n bloedvat af te bind; om te verlak
laquear (m.) — bedkap
lar (m.) — tuiste
laracha (f.) (coll.) — grap
larachear (coll.) — om te grap
larada (f.) — gemors, vuil kol
laranja (f.) — lemoen; **sumo** (m.) de laranja — lemoensap; **vestido** (m.) cor de laranja — oranje rok; **pôr alguém a pão e laranjas** (fig.) (coll.) — om iemand sleg te behandel
laranjada (f.) — lemoendrank
laranjal (m.) — lemoenboord
laranjeira (f.) — lemoenboom
laranjinha (f.) — lemoentjie; kegelspel
larapiar — om te gaps, te steel
larápio (m.) — dief
lardear — om te lardeer
lardo (m.) — spekrepie
laré (m.) — pret; **andar ao laré** — om leeg te lê
lareira (f.) — (vuur)herd, kaggel
lares (m. pl.) — lare, Romeinse huisgode
largar — om los te laat, te los; om te laat vaar; **largar a correr** — om voet in die wind te slaan; **largar insultos** — om beledigings rond te slinger; **largar uma piada** — om 'n grap te maak; **o navio larga às 5 horas** — die skip vertrek om vyf uur
largo, -ga — wyd, breed; (subst.) (m.) plein; (mus.) largo; **consciência** (f.) larga — rekbare gewete; **mar largo** — oop see; **estar à larga** — om genoeg ruimte

te hê; **passar de largo** — om te ontwyk; **passar de largo sobre um assunto** — om 'n onderwerp net aan te stip; **pôr-se ao largo** — om te vlug; **ser mãos largas** — om vrygewig te wees; **viver à larga** — om welgesteld te wees; **ao largo de Lisboa** — op die hoogte van Lissabon
largoza (f.) — breedte; (fig.) vrygewigheid; omvangrykheid
largura (f.) — breedte, wydte
larica (f.) (coll.) — honger
laringe (f.) — larinks, strottehoof
laringite (f.) — laringitis, strottehoofontsteking
laringologista (m., f.) — keelarts
laringoscópio (m.) — laringoskoop, keel-spieël
larva (f.) — larwe
lasca (f.) — splinter; **lasca de pão/carne** — sny brood/vleis
lascar — om (met die draad) te sny; **lasquei a unha** — my nael het geskeur
lascivia (f.) — sinlikheid, wellustigheid
lascivo, -va — wellustig, sinlik
lassidão (f.), **lassitude** (f.) — matheid, afgematheid
lasso, -sa — mat, tam; los(bandig); **estar com o ventre lasso** — om 'n los maag te hê
lástima (f.) — meegevoel, jammerte; **que lástima** — dis nou jammer
lastimar — om te betreur; om jammer te kry
lastimável — betreuenswaardig
lastimoso, -sa — jammerlik
lastrar — om ballas in te laai
lastro (m.) — ballas; ballonsand; **ter um grande lastro de sabedoria** (fig.) — om 'n grondige kennis te hê
lata (f.) — blik; **ter lata** (coll.) (fig.) — om onbeskaamd te wees
latada (f.) — traliewerk
latagão (m.) — bul van 'n man
latão (m.) — messing, geelkoper
látigo (m.) — sambok
latejante — kloppend
latejar — om te klop
latejo (m.) — polsslag
latente — latent, sluimerend
lateral — lateraal, sy-
látex (m.), **látice** (m.) — lateks, melksap
latido (m.) — geblaf, getjank
latifundiário (m.) — grootgrondbesitter
latifúndio (m.) — grootgrondbesit
latim (m.) — Latyn; **perder o seu latim** — om jou asem te mors; **isso para mim é latim** — dis Grieks vir my
latinismo (m.) — latinisme

latinista (*m., f.*) — Latinis, Latynkenner
latinizante — latiniserend
latinizar — om te verlatyns, te latiniseer
latino, -na — Latyns; (*subst.*) Latyn
latir — om te blaf, te tjank
latitude (*f.*) — geografiese breedte(graad); (*fig.*) beweegruimte
lato, -ta — wyd
latoaria (*f.*) — blikslaerswinkel
latoeiro (*m.*) — blikslaer
latria (*f.*) — aanbidding
latrina (*f.*) — latrine, kleinhuisie
latrineiro (*m.*) — latrine-opsigter
latrocinar — om te roof
latrocínio (*m.*) — rooftog
lauda (*f.*) — pagina
laudabilidade (*f.*) — lofwaardigheid, loflikheid
laudanizado, -da — wat loudanum bevat
lúdano (*m.*) — loudanum
laudativo, -va, laudatório, -ia — lof-, pry-send
laudável — lofwaardig, loflik
laudes (*m.*) — tweede oggenddiens (R.C.)
laureado, -da — bekroon; gelouer
laurear — om te bekroon; om te loue
laurel (*m.*) — louerkrans
laurentino, -na — van Lourenço Marques; van Lorenzo dei Medici
lauto, -ta — ryklik
lavabo (*m.*) — vingerkom
lavadeira (*f.*) — wasvrou
lavabela (*f.*) — vinnige was
lavadoiro (*m.*), **lavadouro** (*m.*) — wassery, waskamer; **lavadouro da loiça** — spoelbak, (af)wasbak
lavagante (*m.*) — kreef
lavagem (*f.*) — wassery, wasproses; (*med.*) spoeling
lavandaria (*f.*) — wassery
lava-pés (*m.*) — voetwasseremonie
lavar — om te was; **lavar-se de uma calúnia** — om jou te regverdigh; **até ao lavar dos cestos é vindima** — dit is nog nie die einde van die storie nie; **lavo daí as minhas mãos** — ek was my hande in onskuld
lavatório (*m.*) — (hand)wasbak
lavoira (*f.*), **lavoura** (*f.*) — grondbewerking; algemene plaaswerk
lavor (*m.*) — handarbeid, arbeid
lavra (*f.*) — grondbewerking; **obra** (*f.*) **da sua lavra** — sy eie produk/werk
lavradeira (*f.*) — boervrou
lavrador, -ia — bewerkbaar, ploegbaar
lavrador (*m.*) — boer
lavrar — om te ploeg; **lavrar moeda** — om geld te munt; **lavrar a prata** — om sil-

wer te siseleer; **o incêndio lavra em três casas** — die brand versprei na drie huise
laxante (*m.*), **laxativo** (*m.*) — lakseermiddel; (*adj.*) lakseer-
lazarento, -ta — vol swere; melaats
lazareto (*m.*) — lasaret; afsonderingshospitaal
lazarista (*m., f.*) — lid van die Orde van Sint Vincent
lázaro (*m.*) — melaatse; sieke oortrek van sere
lazer (*m.*) — vrye tyd
lázudo, -da — wollerig; ongekam, langharig, slordig
leal — lojaal, getrou
lealdade (*f.*) — lojaliteit, getrouheid
leão (*m.*) — leeu; **ter a parte de leão** — om die leeu-aandeel te hê; **ter entradas de leão e saídas de sendeiro** — grootbek in en druipestert uit
leão-marinho (*m.*) — seeleu
lebrão (*m.*) — haasmannetjie
lebre (*f.*) — haas; **comprar gato por lebre** — om 'n kat in die sak te koop
leccionar, leccionar (*Bras.*) — om te doseer, lesings te gee
lectivo, -va — onderrig-; **ano** (*m.*) **lectivo** — akademiese jaar, skooljaar
ledice (*f.*) (*poet.*) — vrolikheid
ledo, -da (*poet.*) — vrolik
ledor (*m.*) — leser, boekwurm
legaço (*f.*) — bemaking; gesantskap, legasie
legacia (*f.*) — legaatsamp
legado, -da — bemaak, nagelaat
legado (*m.*) — gesant, legaat
legado (*m.*) — legaat, testamentêre toewysing
legal — wetlik, legaal; **medicina** (*f.*) **legal** — geregtelike geneeskunde
legalidade (*f.*) — wettigheid, legaliteit
legalização (*f.*) — legalisasie, wetlike bekragtiging
legalizar — om te legaliseer, te wettig, regsgeldig te maak
legar — om te bemaak, na te laat, te legateer
legatário (*m.*) — legataris, erfgenaam
legenda (*f.*) — byskrif, legende
legendário, -ia — legendaries
legião (*f.*) — legioen
legionário (*m.*) — legioensoldaat
legislação (*f.*) — wetgewing
legislador (*m.*) — wetgewer
legislar — om wette te maak
legislativo, -va — wetgewend, legislatief
legislatura (*f.*) — legislatuur, wetgewende mag; parlementêre ampstermyn

legista (*m., f.*) — juris, wetgeleerde; **médico** (*m.*) **legista** — reggeneesheer, lykskouer

legítima (*f.*) — verpligte erfporisie

legitimação (*f.*) — legitimasie, wettiging
legítimar — om te legitimeer, wettig te verklaar

legitimidade (*f.*) — legitimiteit, egtheid, wettigheid

legitimista (*m., f.*) — legitimis

legítimo, **-ma** — legitiem, wettig, regmatig; **filho** (*m.*) **legítimo** — egte seun;

legítima nobreza (*f.*) — ware adel; **em legítima defesa** — uit selverdediging

legível — leesbaar

légua (*f.*) — ou kontinentale afstandmaat van ongeveer 5 km; **conhecer alguém à légua** — om iemand deur en deur te ken; **estar a léguas de distância de um assunto** — om geen benul van 'n saak te hê nie; **ser do tamanho da légua da Póvoa** — om eindeloos te wees

legume (*m.*) — boon; (*pl.*) groente

leguminosas (*f. pl.*) — peulplante

leguminoso, **-sa** — peuldraend

lei (*f.*) — wet; reg; **lei marcial** — krygs-wet; **ouro** (*m.*)/**prata** (*f.*) **de lei** — egte goud/silwer; **ter força de lei** — om regsgeldig te wees

leigo (*m.*) — leek

leilão (*m.*) — vendusie, veiling

leiloar — om op te veil

leiloeiro (*m.*) — afslaer

leira (*f.*) — stukkie tuingrond

leitão (*m.*) — speenvark

leitaria (*f.*) — melkery; melkbuffet

leite (*m.*) — melk; **dente** (*m.*) **de leite** — melktand; **irmão** (*m.*) **de leite** — soogbroer

leiteira (*f.*) — melkverkoopster; melkbe-ker; **ter leiteira** (*coll.*) — om die geluk aan jou kant te hê

leiteiro (*m.*) — melkverkoper; (*adj.*) melk-leiteria (*f.*) (*Bras.*) — melkery

leito (*m.*) — bed; rivierbedding

leitor (*m.*) — leser; voorleser; assistent in vreemde tale

leitorado (*m.*) — lektorskap, lektoraat

leitoso, **-sa** — melkagtig, melkerig

leitura (*f.*) — lees, lektuur; leesstof; **livro** (*m.*) **de leitura** — leesboek

leiva (*f.*) — ploegwalletjie

lema (*m.*) — (*math.*) hulpstelling; leuse

lembrança (*f.*) — herinnering, aandenking; (*pl.*) groete

lembrar — om te onthou, in herinnering te bring; **lembrar-se de** — om jou te herinner aan, te onthou

leme (*m.*) — roer; **homem** (*m.*) **do leme** — stuurman; **perder o leme** (*fig.*) — om die kluts kwyt te raak

lémures (*m. pl.*) — lemur, vosaap; lemur, vyandige spook

lenço (*m.*) — sakdoek; **lenço de cabeça** — kopdoek; **lenço de pescoço** — halsdoek

lençol (*m.*) — laken; **lençol de água** — watervlak; **estar em maus lençóis** — om in die moeilikheid te wees

lenda (*f.*) — legende

lendário, **-ia** — legendaries

lêndea (*f.*) — neet

lendeaço (*m.*) — hare vol nete

lengalenga (*f.*) (*coll.*) — langdradige uit-ensetting, gebabbel

lenha (*f.*) — vuurmaakhout; **fogão** (*m.*) **a lenha** — koolstoof; **ir buscar lenha para se queimar** — om jou eie ondergang te bewerkstellig

lenhador (*m.*) — houtkapper

lenho (*m.*) — tak; (*obs.*) skip; **o santo lenho** — die kruishout

lenhoso, **-sa** — houtagtig, houterig, hout-lendado (*f.*), **leniência** (*f.*) — mildheid, sagtheid; toegeeflikheid

leniente — kalmerend, versagtend

lenimento (*m.*) — versagtingsmiddel

lenitivo, **-va** — kalmerend; (*subst.*) (*m.*) versagtingsmiddel; (*fig.*) balsem, troos

lenocínio (*m.*) — koppelary

lente (*m.*) — (universiteits)professor

lente (*f.*) — lens, brilglas

lentejoulá (*f.*) — blinkertjie

lentião (*f.*) — langzaamheid; traagheid

lentilha (*f.*) — lensie

lentisco (*m.*) — soort pistasieboom

lento, **-ta** — stadig; **a fogo lento** — op 'n stadige vuur

leoa (*f.*) — leeuwyfie

leonês, **-nesa** — m.b.t. Leon (Noord-Spanje)

leonino, **-na** — leeuagtig, leeu-

leopardo (*m.*) — luiperd

lépido, **-da** (*poet.*) — vrolik, opgeruimd

lepra (*f.*) — melaatsheid

leprosaría (*f.*), **leprosiário** (*m.*) (*Bras.*) — leprosegestig

leproso (*m.*) — lepralyer, melaatse; (*adj.*) melaats; (*fig.*) verdorwe

leque (*m.*) — waaier

ler — om te lees

lerdo, **-da** — stadig; traag van begrip

lérias (*f. pl.*) (*coll.*) — bog

lés, **de lés a...** — van hoek tot kant

lesa-majestade (*f.*) — majesteitskennis

lêsão (*f.*) — letsel

lesar — om te beseer; om (iemand) skade te berokken, te skend

lésbia (*f.*), **lésbica** (*f.*) — Lesbiese vrou
lesbiano, **-na**, **lésbio**, **-ja** — van Lesbos
lesma (*f.*) — naakte slak; luilak
leste (*m.*) — ooste; (*poet.*) oostewind
lestia (*f.*) — oostewind
lesto, **-ta** — rats, lewendig
letal — dodelik
letão, **-tona** — Letties; (*subst.*) Letlander;
 (*m.*) Letties (taal)
letargia (*f.*) — letargie, energieloosheid,
 sufheid
letárgico, **-ca** — letargies, energieloos, suf
letargo (*m.*) — letargie, onaktiwiteit, doods-
 heid
letífero, **-ra** (*poet.*) — doodbringend
letivo, **-va** (*Bras.*) — vide: **lectivo**
letra (*f.*) — letter, skrifteken; skuldbewys;
Faculdade de Letras — Fakulteit Let-
 tere; **homem** (*m.*) **de letras** — geletterde
 man; **letra de câmbio** — wisselbrief; **le-**
tra duma canção — woorde van 'n
 liedjie; **letra maiúscula/minúscula** —
 hoofletter/kleinletter; **letra morta** —
 dooie letter; **à letra** — letterlik; **ao pé**
da letra — letterlik; **Ana tem uma letra**
ilegível — Anna se handskrif is onlees-
 baar
letrado, **-da** — geletter(d)
letrado (*m.*) — opskrif, kennisgewing,
 plakkaat
léu, **ao** ... — ontbloom; **dormir ao léu** — om
 buite te slaap; **com a cabeça ao léu** —
 met ontblote hoof; **com as pernas ao**
léu — kaalbeen
leucemia (*f.*) — leukemie, bloedkanker
leucócito (*m.*) — leukosiet, wit bloedlig-
 gaampie
leva (*f.*) — lig (van anker); groep
levada (*f.*) — meulstroom; **a levada do**
tempo — die verloop van tyd; **ir de le-**
vada — om halsoorkop weg te gaan
levadiço, **-ça** — ophysbaar; **ponte** (*f.*) **le-**
vadiça — ophaalbrug
levado, **-da** — geneem; stout, ondeund;
levado da breca — onhebbelik; **aquele**
rapaz é levado do diabo — daardie
 seun is 'n klein duiwel
levantadura (*f.*), **levantamento** (*m.*) — op-
 roer, opstand
levantar — om op te tel, op te hef; **levan-**
tar ferro — om anker te lig; **levantar**
impostos — om belasting te hef; **levan-**
tar um mapa — om 'n kaart op te stel;
levantar a mesa — om die tafel af te
 dek; **levantar os ombros** — om die
 skouers op te haal; **levantar um prédio**
 — om 'n gebou op te rig; **levantar tropas**
 — om troepe op te roep; **levantar**

vão — om op te styg; **levantar-se** — om
 op te staan; **o levantar do sol** — sonsop-
 gang, sonop; **o tempo levanta** — die
 weer klaar op
levante (*m.*) — ooste; **Levante** (*m.*) — die
 Levant
levantino, **-na** — Levantyns; (*subst.*) Le-
 vantyn
levar — om te neem, (weg) te dra; om
 (klere) te dra; **levar a cabo** — om te
 voltooi; **levar à cena** — om op te voer;
levar coiro e cabelo — om duur te kos;
levar no embrulho (*coll.*) — om te kul;
levar jeito — om mooi te vorder; **levar**
a mal — om kwalik te neem; **levar pau**
(Bras.) (*coll.*) — om te dop; **levar uma**
pessoa a fazer qualquer coisa — om ie-
 mand te beweeg om iets te doen; **levar**
a sério — om ernstig op te neem; **levar**
uma vida insignificante — om 'n onbe-
 duidende lewe te lei; **a bala levou-lhe**
o braço — die koeël het sy arm weg-
 geskiet; **a guerra levou muitas vidas** —
 die oorlog het baie lewens geëis; **a sa-**
lada leva azeite e vinagre — slaai het
 olie en asyn nodig; **o ministro levou-o**
a deixar a universidade — die minister
 het hom beweeg om die universiteit te
 verlaat; **o teatro leva mil pessoas** —
 die teater bied sitplek vir 'n duisend
 mense; **que filme leva esse cinema?** —
 watter rolprent word in daardie bioskoop
 vertoon?; **todos os caminhos levam a**
Roma — alle paaie lei na Rome
leve — lig; **de leve/ao de leve** — liggies;
ser de cabeça leve — om ligsinnig te
 wees; **que a terra lhe seja leve** — mag
 hy in vrede rus
levedação (*f.*) — rys (van deeg)
levedar — om te laat rys
levêdo (*m.*) (*Bras.*) — suurdeeg, gis
lêvedo, **-da** — gerys
levadura (*f.*) — gis, suurdeeg
leveza (*f.*) — ligtheid; ligsinnigheid
leviandade (*f.*) — ligsinnigheid
leviano, **-na** — ligsinnig
levirato (*m.*) — leviraatshuwelik, swaers-
 huwelik
levita (*m.*) — Leviet
levitação (*f.*) — levitasie, swewing
levítico, **-ca** — Levities; (*subst.*) (*m.*) Le-
 vitikus
lexical — woordeskat-
lêxico (*m.*) — leksikon, woordeboek; woor-
 deskat
lexicografia (*f.*) — leksikografie
lexicográfico, **-ca** — leksikografies

lexicógrafo (*m.*) — leksikograaf, woordeboekmaker
lexicologia (*f.*) — leksikologie
lexicológico, -ca — leksikologies
lexicólogo (*m.*) — leksikoloog
lezira (*f.*), **lezíria** (*f.*) — (rivier)weiveld
lha — dit aan/vir hom/haar
lhaneza (*f.*) — eerlikheid, openhartigheid
lhano, -na — openhartig, eerlik
lhe — vir/aan hom/haar/jou/u
lho — dit aan/vir hom/haar
lia (*f.*) — moer
liaça (*f.*) — (pak)stroom
liadoiro (*m.*), **liadouro** (*m.*) — verbandklip
liame (*m.*) — band (*fig.*); (*tech.*) bindmiddel
liana (*f.*) — liaan, bobbejaantou
libação (*f.*) — libasie, drankoffer, plengoffer; (*pl.*) drinkgelag
libelinha (*f.*) — libel, naaldekokker
libelo (*m.*) — aanklagskrif; libel, smaadskrif
libélula (*f.*) — naaldekokker, libel
liberação (*f.*) — vryskelding
liberal — liberaal, vrysinnig; vrygewig; **profissão** (*f.*) **liberal** — vrye beroep
liberalidade (*f.*) — liberaliteit, vrysinnigheid; vrygewigheid
liberalismo (*m.*) — liberalisme
liberalizar — om te liberaliseer; om vrygewig uit te deel
liberar — om vry te stel
liberdade (*f.*) — vryheid
Libéria (*f.*) — Liberië
liberiano, -na, libério, -ia — Liberia; (*subst.*) Liberiër
libérrimo, -ma — baie vry
libertação (*f.*) — bevryding; vrylating
libertador, -ra — bevrydend; (*subst.*) bevryder
libertar — om te bevry, vry te laat; om vry te stel, te onthef
libertário, -ia — anargisties; (*subst.*) voorstander van totale vryheid, anargis
libertinagem (*f.*) — losbandigheid
libertino, -na — losbandig; (*obs.*) libertyns; (*subst.*) losbandige persoon; (*obs.*) libertyn
liberto, -ta — bevry, vrygelaat
Líbia (*f.*) — Libië
libico, -ca — Libies; (*subst.*) Libiër
libidinoso, -sa — libidineus, wellustig
libido (*m.*) — libido, geslagsdrif
libio, -ia — vide: **libíco**
libra (*f.*) — pond; (*astron.*) Weegskaal;
libra esterlina — pond sterling
libré (*f.*) — livree

libretista (*m., f.*) — librettis, libretto-skrywer
libreto (*m.*) — libretto, operateks
liça (*f.*) — geveg, stryd; (*obs.*) strydperk
licantropia (*f.*) — weerwolfswaansin
lção (*f.*) — les
liceal — hoërskool-
licença (*f.*) — lisensie; (*mil.*) verlof; vergunning, toestemming; **licença poética** — digterlike vryheid; **licença sabática** — lang verlof; **com licença** — verskoon tog; **dá-me licença?** — mag ek?
licenciado, -da — (*mil.*) ontslaan; (*subst.*) houder van tweede universiteitsgraad
licenciamento (*m.*) — ontslag
licenciar — om te ontslaan (*mil.*); **licenciar-se** — om te graduateer
licenciatura (*f.*) — tweede universiteitsgraad
licenciosidade (*f.*) — losbandigheid, sedeloosheid
licencioso, -sa — losbandig, sedeloos
liceu (*m.*) — hoërskool
licitação (*f.*) — bod; vendusie, veiling
licitador (*m.*), **licitante** (*m.*) — bieder; verkoper (op vendusie)
licitar — om te bied; om op te veil
licito, -ta — geoorloof, toelaatbaar
licor (*m.*) — likeur
licoreira (*f.*), **licoreiro** (*m.*) — likeurstel
licorista (*m., f.*) — likeurvervaardiger
licorne (*m.*) — eenhoring
licoroso, -sa — likeuragtig
lida (*f.*) — geswoeg, arbeid
lidador (*m.*) — werker; krygsman
lidar — om te beveg; **lidar com uma pessoa** — om met 'n persoon te verkeer; **lidar touros** — om stiergevegte te beoefen; **eu não lido com palermas** — ek wil met onnosele ape niks te doen hê nie
lide (*f.*) — geveg, stiergeveg
líder (*m.*) — leier
liderança (*f.*) — leierskap
liderar — om leier te wees (van)
lidimar — om te legitimeer, wettig te verklaar
lidímo, -ma — eg, wettig
lido, -da — gelees; belese
liga (*f.*) — kousband; **cinto** (*m.*) **de ligas** — kousgordel
liga (*f.*) — legering
liga (*f.*) — verbond; liga; **Liga das nações** — Volkerebond; **não fazer boa liga** — om nie goed klaar te kom nie
ligação (*f.*) — verbinding; aansluiting; (*f.*) verhouding; (*mus.*) legato-teken
ligadura (*f.*) — verband

ligamento (*m.*) — ligament, gewrigsband; (*tech.*) bindmiddel
ligar — om te (ver)bind; om te leger; om in verbinding te tree; **não ligar a** — om jou nie aan (iets) te steur nie; **preciso de ligar para o meu tio** — ek moet my oom skakel
ligeira (*f.*) — ligtheid; vinnigheid; (*fig.*) ligvaardigheid
ligeiro, -ra — lig; vinnig; **música** (*f.*) **ligeira** — ligte musiek; **tecido** (*m.*) **ligeiro** — dun materiaal; **ela trabalha ligeiro** — sy werk vlug
lignificação (*f.*) — houtvorming, verhouting
lignificar-se — om te verhout
liláceo, -ea — ligpers
lilás (*m.*) — seringstruik
liláceo, -ea — lelieagtig; (*f. pl.*) lelieagtiges
liliputiano, -na — lilliputterig, dwergagtig
lima (*f.*) — vyl
lima (*f.*) — lemmetjie
limadura (*f.*), **limagem** (*f.*) — vyl
limalha (*f.*) — vylsel
limão (*m.*) — suurlemoen
limar — om te vyl
limatão (*m.*) — ronde vyl, rasper
limbo (*m.*) — limbus; grensone
limiar (*m.*) — drumpel
limitação (*f.*) — beperking, begrensing, limitasie
limitar — om te beperk; om te begrens;
limitar com — om te grens aan
limitativo, -va — beperkend
limite (*m.*) — grens(lyn), limiet
limítrofe — aangrensend
limo (*m.*) — paddaslyk
limoal (*m.*) — suurlemoenboord
limoeiro (*m.*) — suurlemoenboom
limonada (*f.*) — limonade, suurlemoensap met water en suiker
limoneta (*m.*) — verbena, ysterkruid
limoso, -sa — slykagtig
limpa-chaminés (*m.*) — skoorsteenvēer
limpadela (*f.*) — vinnige skoonmaak; **dar uma limpadela** — om vinnig af te vee
limpaduras (*f. pl.*) — oorskietkos
limpa-pára-brisas (*m.*) — ruitveër
limpar — om skoon te maak, af te vee;
limpar as algibeiras a alguém — om iemand te besteel; **limpar a casa** — om huis skoon te maak; **limpar as lágrimas** — om tranes af te vee; **limpar as mãos à parede** — om geen rede vir trots te hê nie; **o glutão limpou os pratos todos** — die vraat het al die borde leeg geëet;
limpar-se (*fig.*) — om jou te regverdig

limpeza (*f.*) — skoonmaak; skoonheid, reinheid
limpidez (*f.*) — helderheid; deursigtigheid
limpido, -da — helder, deursigtig
limpo, -pa — skoon, rein; **gente** (*f.*) **limpa** — opgevoede mense; **tempo** (*m.*) **limpo** — mooi weer; **estar limpo** (*coll.*) — om platsak te wees; **passar a limpo** — om netjies oor te skryf; **pôr em pratos limpos** — om in die reine te bring; **ter as mãos limpas** — om vlekkeloos te wees (*fig.*); **tirar a limpo** — om helderheid te verkry oor; **isso é trigo limpo** — (dis) definitief
limusina (*f.*), **limusine** (*f.*) — limousine, weelderige motor
lince (*m.*) — links, rooikat; **ter olhos de lince** — om arendsoë te hê
linchar — om te lynch, summier tereg te stel
lindeza (*f.*) — skoonheid
lindo, -da — mooi
lineamento (*m.*) — omlyning; (*pl.*) trekke; (*fig.*) breë trekke
linear — lineêr
linfa (*f.*) — limf
linfático, -ca — limfaties, limf-; (*fig.*) flegmaties, dooierig
lingada (*f.*) — hyskraanlading
lingar — om op te hys
lingote (*m.*) — goudstaaf, baar, gietblok
lingoteira (*f.*) — gietvorm (vir metaalstawe)
lingua (*f.*) — tong; taal; (*obs.*) (*m.*) tolk;
língua de mar — inham, fjord; **língua viperina** — venynige tong; **dar à língua** — om te babbel; **dar com a língua nos dentes** — om die kat uit die sak te laat; **dobrar a língua** — om jou tong te beteel; **puxar pela língua a alguém** — om iemand aan die praat te sit; **ter (a palavra) de baixo da língua** — om (n woord) op die punt van jou tong te hê; **ter (...) na ponta da língua** — om op jou duimpie te ken; **pela língua morre o peixe** — wat jy sê, kan boemerang
língua-de-trapos (*f.*) — swak spreker; babbelbek
linguado (*m.*) — tongvis; (*typ.*) galeiproef
linguagem (*f.*) — taal; uitdrukkingswyse; vaktaal
lingual — tong-
linguarada (*f.*) — plat taal
linguaraz — vulgêr, platvloers; (*subst.*) snateraar
linguareiro, -ra — spraaksaam, mededeelzaam; (*subst.*) praatgraag

lingueta (*f.*) — deurknip; skaalwyser; tonggetjie; tong (van skoen)
linguete (*m.*) — sperrattand
linguiça (*f.*) — Portugese kookwors; **encher linguíça** (*fig.*) (*Bras.*) — om bladsye net vol te skryf
linguiforme — tongvormig
linguista (*m., f.*) — linguïst, taalkundige
linguística (*f.*) — linguïstiek, taalwetenskap
linguístico, -ca — linguïsties, taalwetenskaplik
linha (*f.*) — lyn; linie; garing; **juiz** (*m.*) de **linha** — grensregter; **linha aérea/marítima** — lugroete/seeroete; **linha de água/flutuação** — waterlyn; **linha de caminho de ferro** — treinspoor; **linha de defesa** — verdedigingslinie; **linha de parentesco** — verwantskapsverhouding; **linha de tiro** — skootslyn; **escrever umas linhas** — om 'n paar reëls te skryf; **estar em linha** — om in orde te wees; **pescar à linha** — om te hengel; **sair da linha** — om skeef te trap (*fig.*); **por uma linha** — byna; **cada qual sabe as linhas com que se cose** — elkeen weet alleen waar die skoen hom druk; **Deus escreve direito por linhas tortas** — Gods weë is onnaspeurlik
linhaça (*f.*) — lynsaad; **óleo** (*m.*) de **linhaça** — lynolie
linhagem (*f.*) — afstamming, afkoms
linhagem (*f.*) — goiing
linhagista (*m., f.*) — genealoog
linhal (*m.*) — vlasland
linho (*m.*) — vlas; linne
linhote (*m.*) — dwarsbalk
linimento (*m.*) — liniment, smeergoed
linóleo (*m.*) — linoleum
linotípiá (*f.*) — warmlooddrukproses
linótipo (*m.*) — linotipe, warmloodsetmasjien
lionês, -nesa — van Lyon (Franse stad)
liquefação (*f.*) (*Bras.*), **liquefação** (*f.*) — vervloeiing, vloeibaarmaking
liquefazer — om te vervloei, vloeibaar te maak
liquefeito, -ta — vervloei, vloeibaar gemaak
liquen (*m.*) — korsmos, ligen
liquidação (*f.*) — vereffening, likwidasie; uitverkoping; uitwissing
liquidar — om te vereffen; om te likwideer; om af te handel; (*fig.*) om te vernietig, uit te wis
liquidatário (*m.*) — likwidateur
liquidável — vereffenbaar; afhandelbaar
liquidez (*f.*) — vloeibaarheid; likiditeit

liquidificação (*f.*) — vervloeiing
liquidificador (*m.*) — versaptoestel, sapmeul
liquidificar — om te vervloei, vloeibaar te maak; om te versap
líquido, -da — vloeibaar; likied; (*subst.*) (*m.*) vloeistof; **peso** (*m.*) **líquido** — netto gewig; **salário** (*m.*) **líquido** — netto salaris
lira (*f.*) — lier
lira (*f.*) — lira (Italiaanse munteenheid)
lirica (*f.*) — liriek; liriese poësie
lirico, -ca — liries; (*subst.*) (*m.*) liriese digter; **teatro** (*m.*) **lirico** — opera; **temporada** (*f.*) **lirica** — operaseisoen
lirio (*m.*) — lelie
lirismo (*m.*) — lirisme
liró (*coll.*) — uitgedos
Lisboa (*f.*) — Lissabon
lisboeta, lisbonense — van Lissabon; (*subst.*) inwoner van Lissabon
liso, -sa — glad, egalig; **cabelo** (*m.*) **liso** — steil hare; **homem** (*m.*) **liso** — eerlike man; **estar liso** (*coll.*) — om plattsak te wees
lisonja (*f.*) — vleiende woorde, vleitaa; vleiery
lisonjeador (*m.*) — vleier
lisonjear — om te vlei
lisonjeiro, -ra — vleiend, vlei-
lista (*f.*) — lys; streep; spyskaart; **lista dos telefones** — telefoongids; **jantar à lista** — om à la carte te eet
lisura (*f.*) — gladheid, egaligheid; (*fig.*) eerlikheid
litania (*f.*) — litanie
liteira (*f.*) — draagstoel
liteireiro (*m.*) — draagstoellakei
lital — letterlik
literário, -ia — literêr, letterkundig
literatice (*f.*) — prulliteratuur
literato (*m.*) — literator, letterkundige
literatura (*f.*) — letterkunde; literatuur; **literatura de cordel** — prulliteratuur
litigação (*f.*) — geding, saak
litigante — gedingvoerder; (*subst.*) proseeerder, gedingvoerder
litigar — om 'n geding te voer, 'n saak te maak
litigio (*m.*) — geding
litigioso, -sa — stryd-; (*fig.*) pleitsiek, proseeziek
lítio (*m.*) — litium
litografar — om te litografeer
litografia (*f.*) — litografie
litográfico, -ca — litografies
litoral (*m.*) — kusstreek
litosfera (*f.*) — litosfeer

- litro (m.)** — liter
- Lituânia (f.)** — Litauë
- lituânico (m.)** — Litauis (taal)
- lituano, -na, lituânio, -ia** — Litauis; (*subst.*) Litauer
- liturgia (f.)** — liturgie; liturgiek
- litúrgico, -ca** — liturgies
- liturgista (m., f.)** — deskundige in die liturgiek
- lividez (f.)** — vaalheid, doodsbleekheid
- livido, -da** — vaal, doodsbleek
- livor (m.)** — vaalheid, doodsbleekheid
- livralhada (f.) (coll.)** — spul boeke
- livramento (m.)** — bevryding; (*med.*) nageboorte; **livramento condicional** — voorwaardelike vrylating
- livrar** — om te bevry; om te verlos; **livrar-se** — om jou vry te maak; **Deus me livre!** — God behoed!
- livraria (f.)** — boekwinkel; (*obs.*) biblioteek
- livre** — vry; **linguagem (f.) livre** — growwe taal; **luta (f.) livre** — rofstoei; **versos (m. pl.) livres** — vrye verse; **ser livre com alguém** — om op intieme voet met iemand te verkeer; **ter o campo livre** — om vrye baan te hê; **ao ar livre** — in die buitelug
- livre-câmbio (m.)** — vryhandel
- livresco (m.)** — waardelose boekie
- livre-docente (m.) (Bras.)** — senior universiteitsdosent
- livreiro (m.)** — boekhandelaar
- livre-pensador (m.)** — vrydenker
- livresco, -ca** — boekagtig; **linguagem (f.) livresca** — boeketaal
- livrete (m.)** — boekie; (*Moç.*) pasboek; registrasiebewys (van motors)
- livro (m.)** — boek; **livro de bordo** — logboek; **livro de cheques** — tjekboek; **livro de contas** — rekeningboek; **livro de missa** — misboek; **livro de orações** — gebedeboek; **livro de salmos** — psalmboek
- lixa (f.)** — skuurpapier
- lixar** — om te skuur
- lixreira (f.)** — ashoop
- lixívia (f.)** — loog
- lixiviação (f.)** — loogbehandeling
- lixívir** — om met loog te behandel, te loog
- lixo (m.)** — vullis; **lata (f.)/caixote (m.) do lixo** — vullisblik; **pá (f.) do lixo** — skoppie
- lô (m.)** — loefkant (*naut.*); **navegar de lô** — om te laveer, teen die wind te seil; **virar de lô** — om teen die wind te draai
- loa (f.)** — loflied; (*obs.*) smeekrede aan publiek, proloog in teater
- loba (f.)** — wolvin
- loba (f.)** — priesterrok
- lobacho (m.)** — wolfwelp
- lobado, -da** — in lobbe verdeel
- lobato (m.)** — wolfwelp
- lobeiro, -ra** — wolfagtig, wolfkleurig; (*subst.*) wolwejagter
- lobinho (m.) (coll.)** — wolfwelp; junior Padvinder, drawwertjie
- lobisomen (m.)** — weerwolf
- lobo (m.)** — wolf; **lobo do mar** — egte seeman; seeleeu; **quem não quer ser lobo não lhe veste a pele** — soos jy jou gedra, sal jy behandel word
- lobo-marinho (m.)** — seehond
- lobrego, -ga** — naargeestig, somber
- lobrigar** — om uit te maak
- lobulado, -da, lobular** — in lobbe verdeel, lobvormig
- lóbulo (m.)** — lob; **lóbulo da orelha** — oorlel
- lobuloso, -sa** — lobagtig, in lobbe verdeel
- loca (f.)** — jakkalsgat; skuilplek
- locação (f.)** — huur; kaartjiesbespreking; buite-opnameplek
- locador (m.)** — verhuurder
- local** — lokaal, plaaslik; (*subst.*) (*m.*) plek, terrein; (*f.*) kort berig
- localidade (f.)** — dorp, plek
- localismo (m.)** — voorkeur vir plaaslike dinge
- localista (m., f.)** — plaaslike verslaggewer
- localização (f.)** — plasing; lokalisering
- localizar** — om te plaas; om op te spoor; om te lokaliseer
- locanda (f.)** — algemene handelaar (winkel)
- locandeirol (m.)** — algemene handelaar
- loção (f.)** — huidwater
- locatário (m.)** — huurder
- locomção (f.)** — voortbeweging, beweging
- locomotiva (f.)** — lokomotief
- locução (f.)** — uitdrukking; diksie; **locução adverbial** — bywoordelike sinsnede; **locução prepositiva** — voorsetselgroep
- locupletar** — om ryk te maak; **locupletar-se** — om ryk te word; om te teer op
- locusta (f.)** — sprinkaan
- locutor (m.)** — omroeper, kommentator
- locutório (m.)** — ontvangskamer (van klooster)
- lodaçal (m.)** — modderige terrein; (*fig.*) modderpoel
- lódão (m.)** — waterlelie; lotusstruik
- lodeira (f.), lodeiro (m.)** — modderige terrein

lodo (*m.*) — modder; (*fig.*) gemeenheid, laagheid; **tirar os pés do lodo** — om jou uit die modder te trek (*fig.*)

lodoso, -sa — modderig

loendro (*m.*) — oleander, selonsroos

logaritmo (*m.*) — logaritme; **tábua** (*f.*) **de logaritmos** — logaritmetafel

lógica (*f.*) — logika

lógico, -ca — logies

logística (*f.*) — logistiek

logo — daarna, gevolglik, daarom; dadelik, gou; **até logo** — tot later; **desde logo** — vanaf daardie oomblik; **logo no princípio** — aan die begin; **logo que** — sodra; **mais logo** — later

logogrifo (*m.*) — logogrief, letterraaisel

logração (*f.*) — bedrog; valstrik

logradeira (*f.*) — bedriegster

logradouro (*m.*), **logradouro** (*m.*) — openbare ontspanningsplek

logrador (*m.*) — bedriëer

lograr — om in besit te wees van; om te verkry; om beet te neem (*fig.*)

logro (*m.*) — bedrog; valstrik

loíça (*f.*) — breekgoed (porselein); **lavadouro** (*m.*) **da loíça** — opwasbak; **isso é outra loíça** — dis heelwat beter

lojçaria (*f.*) — porseleinwinkel

loiceiro (*m.*) — porseleinhandelaar

loira (*f.*) — blonde

loiraça (*f.*) — blonde prikkelpop

loireira (*f.*) — snol

loiro (*m.*) — lourier(blaar); papegaai

loiro, -ra — blond

loisa (*f.*) — leiklip; lei; liggende grafsteen; **coisas e loisas** — ditjies en datjies

loja (*f.*) — winkel; **loja (da casa)** — grondverdieping; **loja maçónica** — vrymeselaarslosie; **pôr uma loja** — om 'n winkel te open

lojeca (*f.*) — winkeltjie

lojista (*m., f.*) — winkelier

lólíio (*m.*) — koringblom

lomba (*f.*) — bultjie

lombada (*f.*) — rug (van boek); rantrug

lombar — lumbaal

lombardo, -da — Lombardies; (*subst.*) Lombard

lombeira (*f.*) (*Bras.*) — papheid

lombo (*m.*) — lende; **ter bons lombos** (*para*) (*coll.*) — om uitgeknip te wees (*vir*)

lombriça (*f.*) — spoelwurm

lona (*f.*) — seildoek; **estar nas lonas** — om afgeloop te wees (motorband); (*fig.*) om platsak te wees

Londres (*f.*) — Londen

londrino, -na — Londens; (*subst.*) Londenaar

longânime — lankmoedig; vrygewig

longanimidade (*f.*) — lankmoedigheid; vrygewigheid

longarina (*f.*) — draagbalk, steunbalk; langslêer

longe (*de*) — ver (van); (*adj.*) verafgeleë; **de longe em longe** — af en toe; **longe da vista, longe do coração** — uit die oog, uit die hart

longevidade (*f.*) — langlewendheid

longinquo, -qua — verafgeleë; **num futuro**

longinquo — in die verre toekoms

longitude (*f.*) — geografiese lengtegraad

longitudinal — lengte-

longo, -ga — (*attr.*) lang, (*pred.*) lank; **à barba longa** — kosteloos, sonder moeite; **ao longo de** — langs

lontra (*f.*) — otter

loquacidade (*f.*) — spraaksamheid

loquaz — spraaksam

loquete (*m.*) — hangslot

loriga (*f.*), **lorigão** (*m.*) — lang pantserhemp

lorota (*f.*) (*Bras.*) — wolhaarstorie

lorpa — onnosel, dom; (*subst.*) pampoenskap

losango (*m.*) — rombus

lota (*f.*) — groothandelvismark; **comprar/vender à lota** — om groothandel te koop/te verkoop

lotação (*f.*) — laaikapasiteit; sitplekruimte; (*Bras.*) minibus; **lotação esgotada** — uitverkoop (teater, stadion)

lotado, -da (*Bras.*) — vol (saal, bus)

lotar — om in hopies/porsies te verdeel

lotaria (*f.*) — lotery

lote (*m.*) — porsie, klomp; erf

lotear (*Bras.*) — om in erwe te verdeel

loteria (*f.*) (*Bras.*) — lotery

loto (*m.*) — lotto (spel)

lótus (*m.*) — lotus

louça (*f.*) — breekgoed (porselein); **lavadouro** (*m.*) **da louça** — opwasbak; **isso é outra louça** — dis heelwat beter

louçainha (*f.*) — tooisel

louçainho, -nha — opgetooi

louçania (*f.*) — swierigheid, elegansie, fraaiheid

loução, -ção — swierig, elegant, fraai

louçaria (*f.*), **louceiro** (*m.*) — vide: **lojçaria, loiceiro**

louco, -ca — mal, gek; (*subst.*) waansinnige; gek; **louco varrido, louca varrida** — stapelgek; **cada louco com a sua mania** — elke diertjie het sy plesiertjie

loucura (f.) — kranksinnigheid; waansin, malheid; **fazer uma loucura** — om 'n dwase ding aan te vang

loura (f.), **louraça** (f.), **loureira** (f.) — vide:

loira, loiraça, loireira

loureiro (m.) — lourier

louro (m.) — lourier(blaar); (pl.) (fig.) roem; **coroa** (f.) **de louros** — lourierkrans; **dormir à sombra dos louros** — om op jou louere te rus

louro (m.) (coll.) — papegaai

loura, -ra — blond

lousa (f.) — leiklip; lei; liggende grafsteen; **cousas e lousas** — ditjies en datjies

louvação (f.) — toeswaai van lof, loftuiting

louva-a-Deus (m.) — hotnotsgot

louvaminha (f.) — lofrede, vleiere

louvaminhar — om te vlei

louvaminheiro (m.) — vleier

louvar — om te loof, te prys; om lof toe te swaai aan; **é um louvar a Deus!** — dis 'n godsgawe!; **louvar-se** — om jou te beroem (op)

louvável — prysenswaardig

louvor (m.) — lof, prys, loftuiting; eervolle vermelding

lua (f.) — maan; **estar com a lua** — om befoeter(d) te wees; **ladrar à lua** (fig.) — om agteraf sleg te sê; **pôr nos cornos da lua** (coll.) — om op te hemel; **querer/desejar a lua** — om die onmoontlike te begeer; **ter lua** — om deur die maan gepla te wees; **faz lua** — dit is maanlig

lua-de-mel (f.) — wittebroodsdae

luar (m.) — maanskyn

luarento, -ta — maanskyn-

lubricar — om te smeer, te laat smeer

lubricidade (f.) — wulpsheid

lúbrico, -ca, -ca — wulps

lubrificação (f.) — smering

lubrificar — om te smeer, te laat smeer

lúcarna (f.) — dakvenster; bolig

lúcia-lima (f.) — verbena, ysterkruid

lucidez (f.) — helderheid (van verstand)

lúcido, -da — helder (van verstand)

lucifer (m.), **lúcifer** (m.) — Satan

luciferário (m.) — lanterndraer in prosesie

lucilante — flikkerend

lucilar — om te flikker

lucrar — om te baat, te profiteer

lucrativo, -va — lukratief, winsgewend

lucro (m.) — wins, profyt

lucubração (f.) — nagtelike studie, nagtelike oorpeinsing

lucubrar — on snags te werk; om te oorpeins

ludibriante — honend, spottend; bedrieglik

ludibriar — om te bespot; om te kul

ludibrio (m.) — spot; bedrog

lúdico, -ca — speel-; vermaak-, onderhoudend

ludro, -ra — vuil, smerig

ludroso, -sa — vuil; **lã** (f.) **ludrosa** — ongewaste wol

lufa (f.) — windvlaag; (fig.) geesdrif

lufada (f.) — windvlaag; **às lufadas** — met rukke en stote

lufa-lufa (f.) — geskarrel; **à lufa-lufa** — halsloep

lufar — om sterk te waai/te blaas; om te hyg

lugar (f.) — plek; gehug; **lugares santos** — geyde plekke; **dar lugar a** — om plek te maak vir; om te lei tot; **ter lugar** — om plek te hê; om plaas te vind; **em lugar de** — in plaas van

lugar-comum (m.) — gemeenplaas

lugarejo (m.) — plekkie; gehug

lugar-tenente (m.) — plaasvervanger

lugre (m.) — logger

lúgubre — luguber, somber

lugubridade (f.) — somberheid, treurigheid

lula (f.) — tjokka (inkvis)

lulu (m.) — skoothondjie

lumatêu (m.) — vuurtjie

lumbago (m.) — lendejig

lume (m.) — vuur; (obs.) glans; (pl.) (poet.) oë; **acender o lume** — om vuur te maak; **pôr ao lume** — om op die vuur te sit; **ter lume no olho** — om slim/intelligent te wees; **trazer a lume** — om aan die lig te bring; **vir a lume** — om aan die lig te kom; **ao lume da água** — aan die oppervlak van die water

lumieira (f.) — blaker; dakvenster, bolig

lumieiro (m.) — ster; bolig

luminar — liggewend; (subst.) (m.) (poet.) ster; (fig.) groot gees

luminária (f.) — olielampie; **pateta** (m., f.)

das luminárias — naïewe, dommerige persoon

luminescência (f.) — luminessensie

luminescente — luminesserend

luminosidade (f.) — helderheid, ligsterkte

luminoso, -sa — helder; lumineus; gloei-, glim-, lig-; **anúncios** (m. pl.) **luminosos** — ligreklame; **cifras** (f. pl.) **luminosas** — gloeisyfers; **ideia** (f.) **luminosa** — breinflits

lunação (f.) — maansomloop

lunar — lunêr, maan(s)-

lunático, -ca — deur die maan getik, gek
lundum (m.) — Brasiliaanse negerdans
luneta (f.) — knypbril; teleskoop
lupa (f.) — vergrootglas
lupanar (m.) — bordeel
lupino (m.) — lupien, wolfsboontjie
lúpulo (m.) — hop
lúrido, -da (poet.) — kleurloos, doods-bleek
lusco, -ca — skeel; eenoog
lusco-fusco (m.) — skemer
lusiada (m., f.) — Portugees
lusismo (m.), lusitanismo (m.) — tipies Portugeese uitdrukking/uitspraak
lusitânico, -ca, lusitano, -na — Portugees luso — Portugees-; **as relações luso-italianas** — die Portugees-Italiaanse betrekkinge
lustração (f.) — lustrasie, reinigingsseremonie
lustral — reinigings-; **água (f.) lustral** — wywater
lustre (m.) — glans; kroonlugter; (*fig.*) roem
lustro (m.) — glans; **dar lustro** — om blink te vryf, te poleer
lustro (m.) — lustrum, tydruimte van vyf jaar
lustroso, -sa — glansend, blink
luta (f.) — stryd; worsteling; **luta de classes** — klassestryd; **luta greco-romana** — stoei; **luta livre** — rofstoei
lutador (m.) — stoeier; worstelaar
lutar — om te veg; om te stoei, te worstel
luteranismo (m.) — Lutherse leer
luterano, -na — Luthers; (*subst.*) Lutheran
luto (m.) — rou; **luto aliviado** — ligte rou; **luto pesado/carregado** — swaar rou; **papel (m.) de luto** — roupapier; **pôr luto** — om in die rou te gaan
lutulência (f.) — modderigheid
lutulento, -ta — modderig, modderagtig

lutuosa (f.) — begrafnisversekering
lutuoso, -sa — droefgeestig; luguber
luva (f.) — handskoen; (*Bras.*) sleutelgeld; fooritjie; **atirar a luva** — om (iemand) die handskoen toe te werp; **levantar a luva** — om die uitdaging aan te neem
luvaria (f.) — handskoenwinkel, handskoenfabriek
luveiro (m.) — handskoenmaker
luxeção (f.) — ontwrigting, verstuiting
luxar — om te verstuit, te ontwrig
luxar — om in weelde te lewe
luxemburguês, -guesa — Luxemburgs; (*subst.*) Luxemburger
luxe (m.) — weelde, luukse; **fazer luxe de/em** — om met trots te vertoon
luxuoso, -sa — weelderig, luuksueus
luxúria (f.) — wellus; weligheid
luxuriante — welig, ruig
luxurioso, -sa — wellustig
luz (f.) — lig; **acender/apagar a luz** — om die lig aan/af te skakel; **dar à luz** — om geboorte te skenk aan, die lig te laat sien; **sair à luz** — om aan die lig te kom; **ser a luz dos olhos de alguém** — om iemand se oogappel te wees; **ter luzes de** — om 'n oppervlakkige kennis te hê van; **à luz de** — in die lig van; **da discussão sai a luz** — bespreking bring helderheid
luzeiro (m.) — ligbron; helder ster
luze-luze (m.) (coll.) — vuurvlieg
luzente — liggewend, stralend
luzerna (f.) — lusern
luzerneira (f.) — lusernland
luzidio, -ia — blink, glansend, glad
luzido, -da — glansvol, skitterend
luzimento (m.) — prag, glans, luister
luzir — om te blink, te skitter; **começa a seara a luzir** — die koring begin mooi groei; **nem tudo o que luz é ouro** — dis nie alles goud wat blink nie



ma -- dit vir/aan my
má — vide: **mau**
maca (f.) — hangmat; draagbaar; kampakbed
maça (f.) — knoet, knots; staf; **maça de armas** — Middeleeuse knots met spykers
maçã (f.) — appel; **maçã do rosto** — wangbeen
macabro, -ra — makaber, grieselig
macaca (f.) — aapwyfie
macacada (f.) — trop ape; bobbejaanstreek

macação (m.) — groot aap; (*fig.*) slimjan; (*Bras.*) oorpak
macacaúba (f.) — Brasiliaanse boom
macaco (m.) — aap; domkrag; oorpak; (*adj.*) slim; **morte (f.) macaca** — sinlose dood; **mandar alguém pentear macacos** — om iemand weg te ja; **cada macaco no seu galho** — elke haan op sy mis hoop; **vai pentear macacos!** — gaan blaas doppies!

macacoa (*f.*) (*coll.*) — ongesteldheid
maçada (*f.*) — vervelende taak/ding; (*obs.*)
 knotshou; **que maçada!** — dis lastig!
macadame (*m.*) — teer(pad)
macadamização (*f.*) — teer (van pad)
macadamizar — om ('n pad) te teer
maçador (*m.*) — laspos
maçadoria (*f.*) — vervelende taak/ding
macaense, macaista — van Macao; (*subst.*)
 inwoner van Macao
macambúzio, -ia (*coll.*) — droefgeestig,
 triestig
maçaneta (*f.*) — deurknop; tromstokkie
mação (*m.*) — vrymesselaar
maçapão (*m.*) — marsepein
macaqueação (*f.*) — na-aping, na-apery
macaqueador (*m.*) — na-aper
macaquear — om na te aap
macaqueice (*f.*) — grimas; **fazer macaquei-**
ces — om gesigte te trek
macaquinho (*m.*) — apie; **ter macaquinhos**
no sótão — om in jou bol gepik te
 wees
maçar — om lastig te val, te verveel; om
 plat te slaan
macaréu (*m.*) — vloedgolf
maçarico (*m.*) — blaaslamp; steenloper
 (voël)
maçaroca (*f.*) — mielikop
macarrão (*m.*) — macaroni
macarronete (*m.*) — dun macaroni
macarrónico, -ca — geradbraak; koeter-
 waalsagtig
macaúba (*f.*) — waterpalm
macavenco, -ca — snaaks
macedónio, -ia — Macedonies; (*subst.*)
 Macedoniër
macela (*f.*) — kamille
maceração (*f.*) — weking, uitloging; (*fig.*)
 afpyniging, kastyding
macerado, -da — geweek; (*fig.*) gepynig
macerar — om te week, uit te loog; (*fig.*)
 om te kasty, af te pynig
maceta (*f.*), **macete** (*m.*) — houthamer,
 klophamer
macha (*f.*) — muilmerrie
machacaz (*m.*) (*coll.*) — lomperd; skelm
machada (*f.*) — handbyl
machadada (*f.*) — hou met 'n byl
machadinha (*f.*) — enterbyl
machado (*m.*) — byl
machão (*m.*) (*coll.*) — bul van 'n man
macheado, -da — van stolpplooi voorsien;
 (*subst.*) (*m.*) inplooiing, plooi
machear — om (met stolpe) te plooi
machete (*m.*) — artilleriesabel; kapes
machila (*f.*) — draagstoel
machileiro (*m.*) — draagstoeldraer

machimbombo (*m.*) (*Moç.*) — bus
macho, -cha — manlik; viriel; (*subst.*) (*m.*)
 mansmens; **colchete** (*m.*) **macho** — hakie
 (van hakie en ogie); **hipopótamo** (*m.*)
macho — seekoeibul; **tigre** (*m.*) **macho**
 — tiermannetjie
macho (*m.*) — muil; stolpplooi
machucar — om plat te druk; om op te
 frommel; (*fig.*) om seer te maak
maciço, -ça — massief; dig; (*subst.*) (*m.*)
 bergmassief
macieira (*f.*) — appelboom
maciez (*f.*), **macieza** (*f.*) — sagtheid
macilento, -ta — bleek; (*Bras.*) uitgeteer,
 maer
macio, -ia — sag, mild
maço (*m.*) — pakkie (sigarette); bondel
 (papiere)
maço (*m.*) — stamper; klophamer
maçonaria (*f.*) — vrymesselary
maçonha (*f.*) — dagga
maçónico, -ca — vrymesselaars-
má-criação (*f.*) — grofheid, ongepoetstheid
macrobiótica (*f.*) — makrobiotiek, kuns
 om lank te lewe
macrocosmos (*m.*) — makrokosmos, heelal
maçudo, -da — langdradig, swaar
mácula (*f.*) — makel, vlek; **cordeiro sem**
mácula — vlekkelose Lam
macular — om te bevlek, te besoedel (*fig.*)
maculoso, -sa — vlekkerig
macumba (*f.*) — Brasiliaanse Negertoorkuns
macumbeiro (*m.*) — aanhanger van die
 Brasiliaanse Negertoorkuns
madama (*f.*) — mevrou, dame; „miesies”
madeira (*f.*) — hout
Madeira (*f.*) — Madeira; (*m.*) madeirawyn
madeiral (*m.*) (*coll.*) — bosbouplantasie
madeiramento (*m.*) — houtwerk, houtstruk-
 tuur
madeirar — om 'n houtstruktuur op te rig
madeireiro (*m.*) — houthandelaar; hout-
 hakker, boswerker
madeirense — van Madeira; (*subst.*) in-
 woner van Madeira
madeiro (*m.*) — (hout)stam; Kruishout
madeixa (*f.*) — haarlok; string (wol, gare)
madorna (*f.*) — lomerigheid
madraçaria (*f.*) — ledigheid, luiheid; leeg-
 lêry
madracear — om leeg te lê (*fig.*)
madraceirão (*m.*) — leeglêr
madraceiro, -ra, madraço, -ça — lui;
 (*subst.*) luiard
madraceice (*f.*) — leeglêry
madrasta (*f.*) — stiefmoeder; (*adj.*) ondank-
 baar, hard

madre (*f.*) — non; (*naut.*) mas, balk; **madre superiora** — moeder-owerste; **madre do vinagre** — asynmoer; **madre do rio** — rivierbed
madrepérola (*f.*) — perlemoer
madressilva (*f.*) — kamperfoelie
madrigal (*m.*) — madrigaal, meerstemmige minnelied
madrileno, -na — Madrilesens; (*subst.*) Madrileen
madrinha (*f.*) — peetmoeder
madrugada (*f.*) — dagbreek
madrugador, -ra — wat vroeg opstaan; (*subst.*) vroegopstaner
madrugar — om vroeg op te staan
maduração (*f.*) — ryping
madurar, madurecer — om ryp te word; om te laat ryp
madureza (*f.*) — rypheid; (*coll.*) hebbelikeid
maduro, -ra — ryp; (*coll.*) dom, onnosel
mãe (*f.*) — moeder; ma; **língua mãe** (*f.*) — moedertaal; **mãe de água** — waterbron; (*Bras.*) watergees; **mãe carinhosa** (*Bras.*) (*coll.*) — ambulans; **Mãe de Deus** — Moeder Maria; **mãe de família** — huisvrou en moeder
mãe-de-santo (*f.*) — townenares in Neger-toorkuns
mãe-pátria (*f.*) — vaderland
mafarríco (*m.*) (*coll.*) — duiwel; duiweltjie (*fig.*)
má-fé (*f.*) — kwade trou, slegte bedoeling
maga (*f.*) — heks, townenares
magana (*f.*) — snol
maganagem (*f.*) — klomp niksnutse; losbandige vroue
maganão (*m.*) — poetsbakker
maganice (*f.*) — poets, grap
magano (*m.*) — vabond
magarefe (*m.*) — slagter
magérrimo, -ma — baie maer
magia (*f.*) — toorkuns; bekoring; **magia negra** — swartkuns
mágica (*f.*) — toorkuns; kuns- en vliegspel
magícar (*coll.*) — om te peins
mágico, -ca — magies; (*subst.*) (*m.*) magiër, toorkunstenaar
magistério (*m.*) — leeramp; onderwyserskorps; **escola** (*f.*) **do magistério** — onderwyskollege
magistrado (*m.*) — hoë ampsdraer; magistrat, landdros
magistral — magistraal, meesterlik
magistratura (*f.*) — magistratuur; magistratkorps; magistratenskap
magnanimidade (*f.*) — grootmoedigheid
magnânimo, -ma — grootmoedig

magnate (*m., f.*) — magnaat, geldman
magnésia (*f.*) — magnesia
magnésio (*m.*) — magnesium
magnete (*m.*) — magneet
magnético, -ca — magneties
magnetismo (*m.*) — magnetisme; (*fig.*) aantrekkingskrag
magnetização (*f.*) — magnetisering
magnetizar — om te magnetiseer
magnificação (*f.*) — verheerliking, opheffing
magnificar — om te verheerlik
magnificência (*f.*) — prag, luister
magnificente — luisterryk, pragtig
magnífico, -ca — manjifiek
magnitude (*f.*) — grootte, omvang
magnólia (*f.*) — magnolia
mago (*m.*) — townenaar, magiër; **os reis magos** — die drie Wysies uit die Ooste
mágoa (*f.*) — leed, kommer
magoar — om seer te maak, te kwets;
magoar-se — om jou te kwel
magote (*m.*) — klomp, bondel
magreza (*f.*) — maerheid
magicela (*m., f.*) — maer persoon
magriço, -ça, magrizela — maer, skraal
magro, -ra — maer; **jantar** (*m.*) **de magro** — vleislose maaltyd; **salário** (*m.*) **magro** — karige salaris
mainato (*m.*) (*Moç.*) — manlike bediende vir was en stryk
Maio (*m.*) — Mei
maio (*m.*) (*Bras.*) — swempak vir dames; vleespak
maionese (*f.*) — mayonnaise
maior — groter; mondig, meerderjarig; (*mus.*) majeur; **os nossos maiores** — ons voorouers, voorsate; **por motivo de força maior** — weens omstandighede buite (ons/my) beheer
maioral (*m.*) — plaasvoorman; **maioral de rebanho** — leier, voorbok
maioria (*f.*) — meerderheid
maioridade (*f.*) — meerderjarigheid
mais — meer; anders, behalwe; (*subst.*) (*m.*) res; **além do mais** — daarbenevens; **mais hoje, mais amanhã** — een van die mooi dae; **sem mais nem mais/sem mais nem menos** — summier; **ser o/a mais que tudo de alguém** — om iemand se hartsbeminde te wees; **que mais?** — wat nog?
mais (*m.*) — mielie (groot soort)
maísen (*f.*) — mielieblom
maísculo, -la — hoofletter-; (*subst.*) (*f.*) hoofletter
majestade (*f.*) — majesteit, statigheid
majestático, -ca — regerings-; majestueus

majestoso, -sa — majestueus
majongue (m.) — majong(spel)
major (m.) — majoor
mal (m.) — euwel, kwaad; **mal de Pott** — Pott se siekte, ruggraattering; **do mal o menos** — van twee kwade die minste kies; **por mal dos seus pecados** — as straf vir sy sonde; **por meu mal** — tot my nadeel; **levar a mal** — om aanstoot te neem; **para grandes males, grandes remédios** — groot euwels verg drastiese maatreëls
mal — sleg; **ele faz o trabalho mal** — hy doen die werk sleg; **ele mal sabe ler** — hy kan skaars lees; **mal chegou, nomearam-no director** — pas aangekom, is hy tot direkteur benoem; **mal por mal** — as ons moet kies tussen twee euwels, dan liever die bekende; **não faz mal** — dit maak nie saak nie
mala (f.) — tas, koffer; **mala de bagagens/do carro** — bagasiebak; **mala de mão** — handsak; **mala diplomática** — diplomatieke sak
malabar — van die Malabarkus; (*subst.*) inwoner van die Malabarkus; (*m.*) taal van dié streek
malabarismo (m.) — goëлары; (*fig.*) kansvatter, opportuniste
malabarista (m., f.) — goëlaar, goëlkunstenaar; (*fig.*) kansvatter, opportunist
mal-acabado, -da — sleg afgewerk; swak gebou (van persoon)
mal-aconselhado, -da — onberade, onverstandig
mal-afortunado, -da — ongelukkig
málaga (m.) — malaga(wyn)
mal-agradecido, -da — ondankbaar
malaguenha (f.) — Spaanse dans uit Malaga
malagueta (f.) — rooirissee
malaio, -ia — Maleis; (*subst.*) Maleier; (*m.*) Maleis (taal)
mal-amanhado, -da — sleg geklee; sleg gedoen
malandraço (m.) — leegleër, boemelaar
malandragem (f.) — groep boemelaars/skelms; skurkestreek
malandar — om te boemel, te slampamper
malandrice (f.) — skurkestreek, skelmstuk
malandrim (m.) — niksnuts
malandro (m.) — skelm, vabond
mala-posta (f.) — poskoets
malaquite (f.) — malagiet
malar (m.) — wangbeen
malária (f.) — malaria

mal-assombrado, -da — getoor; **casa (f.) mal-assombrada** — spookhuis
mal-aventurado, -da — ongelukkig
mal-avindo, -da — slaags
mal-avinhado, -da — dronkkwaad
malbaratar — om te verspil, te verkwis
malbarato (m.) — verliesverkoop; **fazer malbarato de alguém** — om iemand te verkleineer
malcasado, -da — ongelukkig getroud; getroud benede jou stand
malcheiroso, -sa — onwelriekend, stinkend
malcomido, -da — ondervoed
malcontente — ontevrede
malcriadez (f.) (coll.) — ongepoettheid
malcriado, -da — ongepoets
maldade (f.) — slegtigheid, gemeenheid
maldição (f.) — vloek, vervloeking
maldito, -ta — vervloek; (*attr.*) vervlakste
maldizente (m.) — kwaadprater
maldizer — om te vervloek; om te (be)laster; om te vloek
maldoso, -sa — gemeen
maleabilidade (f.) — smeebaarheid; plooibaarheid
maleável — smeebaar; plooibaar
maledição (f.) — kwaadpraterij
mal-educado, -da — ongemaniërd
malefício (m.) — skade, kwaad; bose ban
maléfico, -ca — skadelik, boos
maleiro (m.) — kofferfabrikant
maleita (f.) — moeraskoors
mal-encarado, -da — nors, onvriendelik
mal-entendido (m.) — misverstand
mal-entrouxado, -da — slordig geklee
mal-estar (m.) — ongesteldheid
maleta (f.) — koffertjie, tassie
malevolência (f.) — kwaadgesindheid, vyandigheid; kwaadwilligheid
malevolente, malévol, -la — kwaadgesind, vyandig; kwaadwillig
malfadado, -da — ongelukkig, gedoem
malfalante — kwaadsprekend; ongeartikuleer(d)
malfazejo, -ja — kwaadgesind, kwaadwillig
malfazer — om kwaad te doen; om skade te berokken
malfeito, -ta — sleg gedoen/gemaak; mismaak
malfetor (m.) — misdadiger, booswig
malga (f.) — kommetjie
malgaxe — van Madagaskar, Malgassies; (*subst.*) inwoner van Madagaskar
malha (f.) — brei(steeck); maas; leer (in kous); **cota de malha (f.)** — pantershemp; **passar pela malha** — om deur die net te glip
malha (f.) — kol, vlek

malha (f.) — dors; (fig.) loesing
 malha (f.) — gooislyf
 malhadiço, -ça — gewoond aan lyfstraf
 malhado, -da — gedors; gehamer
 malhado, -da — gevelek
 malhão (m.) — Portugese volksdans
 malhar — om te hamer; om te dors; om 'n loesing te gee
 malhete (m.) — tapvoeg; taphamer
 malho (m.) — voorhamer
 malhõ (m.) — swempak vir dames; vlees-pak
 mal-humurado, -da — sleggehumeur(d)
 malicia (f.) — arglistigheid; sarkasme
 malicioso, -sa — malisieus, arglistig; sarkasties
 malignidade (f.) — boosaardigheid; kwaadaardigheid
 maligno, -na — boosaardig; kwaadaardig;
 espírito (m.) maligno — bose gees
 má-língua (m., f.) — skindertong
 mal-intencionado, -da — met voorbedagte rade, met kwade bedoelings
 malmequer (m.) — gousblom
 malnascido, -da — onder 'n bose ster gebore; van lae afkoms
 malgrado, -da — misluk; vroeggestorwe
 malograr — om te vernietig, skipbreuk te laat ly
 malogro (m.) — mislukking
 malote (m.) — koffertjie, tassie
 malparado, -da — haglik, kritiek
 mal-passado, -da — halfgaar
 malquerença (f.) — kwaadwilligheid
 malquerente — kwaadwillig
 malquistar — om (iemand) op te maak (teen)
 malquisto, -ta — gehaat
 malsão, -sã — ongesond, sieklik
 malsim (m.) — verklikker, polisiespioen; slegte mens
 malsinação (f.) — verklikking
 malsoante — wanklinkend, dissonant
 malsofrido, -da — ongelukkig
 Malta (f.) — Malta
 malta (f.) — arbeiders; bende; andar à malta — om rond te swerf
 maltês, -tesa — Maltees, Malteser-; (subst.) Malteser; (m.) Maltees (taal)
 maltês (m.) — trekarbeider; swerwer
 maltésaria (f.), maltésia (f.) — trop trekarbeiders
 maltose (f.) — maltose, moutsuiker
 maltrapido, -da, maltrapilho, -lha — ver-toeing, in vodde
 maltratar — om te mishandel
 malucar — om onsinnighede te begaan
 maluco, -ca — mal, gek; (subst.) gek

maluqueira (f.) — gekheid
 maluquice (f.) — dwaasheid
 malva (f.) — kesieblaar; ser filho das malvas — om 'n optekind/vondeling te wees
 malvadez (f.) — wreedheid, grusaamheid
 malvado, -da — wreed, grusaam; (subst.) (m.) booswig
 malva-rosa (f.) — stokroos
 malvasia (f.) — malvesy, soet Griekse wyn
 malvisto, -ta — verdag, ongewens
 mama (f.) — bors; criança (f.) de mama — suigeling
 mamã (f.) — mammie
 mamadeira (f.) — bababottel
 mamãe (f.) (Bras.) — mammie
 mamalhudo, -da (coll.) — met groot borste, fris
 mamão (m.) — papaja
 mamão (m.) — sogende diertjie
 mamar — om te suig
 mamário, -ia — soog-, melk-
 mamarracho (m.) — swak skildery
 mamífero (m.) — soogdier
 mamilo (m.) — tepel
 maminha (f.) (Bras.) — vide: mama
 mamoeiro (m.) — papajaboom
 mamona (f.) (Bras.) — kasteroliesaad
 mamote (m.) (Bras.) — ongespeende kalfie
 mamparra (f.) — maat, vriend; maters; (Moç.) mamparra, dommerik
 mamudo, -da — met groot borste
 mamute (m.) — mammoet
 mana (f.) (coll.) — sus, sussie
 maná (m.) — manna
 manada (f.) — trop beeste
 manajeiro (m.) — plaasvoorman
 manancial (m.) — bron
 manáputa (f.) (coll.) — hamhande
 manar — om uit te stroom, uit te straal; om te ontstaan; om voort te bring
 mancar — om mank te loop
 manceba (f.) — minnares
 mancebia (f.) — saamleef (van ongehudes)
 mancebo (m.) — jongman
 mancha (f.) — vlek, vuil kol
 manchado, -da — gevelek; (fig.) bevlek
 manchar — om te vlek; (fig.) om te bevlek
 mancheia (f.) — handvol
 manchete (f.) — banieropskrif
 manchu — Mantsjoerys; (subst.) Mantsjoeryer
 Manchúria (f.) — Mantsjoerye
 manco, -ca — lam, verlam; (fig.) gebrek-kig
 mancomunação (f.) — geheime samespanning

mancomunar — om onderhands saam te span
mandachuva (*m.*) — grootkop
mandado (*m.*) — bevel; lasbrief; (*adj.*) gestuur; (*fig.*) gediensstig, onderdanig; **mandado de intimação** — dagvaarding; **mandado de prisão** — arresbevel
mandamento (*m.*) — gebod
mandante (*m., f.*) — bevelvoerder, persoon in beheer
mandão (*m.*) — baasspeler
mandar — om te beveel; om te stuur;
mandar ao diabo — om te verwens;
mandei-lhe uma bala — ek het op hom geskiet
mandarete (*m.*) — loopjonge
mandarim (*m.*) — mandaryn
mandatário (*m.*) — ontvanger van opdrag, mandataris
mandato (*m.*) — ampstermy; opdrag; mandaat
mandíbula (*f.*) — onderkaak; mandibel
mandibular — kaak-, mandibel-
mandinga (*f.*) — toorkuns, heksery
mandingar — om te toor
mandingueiro (*m.*) — towenaar, toordokter; (*f.*) heks, towenares
mandioca (*f.*) — maniok, broodwortel
mando (*m.*) — gesag; bevel
mandolim (*m.*) — mandolien
mandolinista (*m., f.*) — mandolienspeler
mandrágora (*f.*) — alruin, mandragora
mândria (*f.*) — luiheid, nalatigheid
mandrião (*m.*) — luiaard; (*adj.*) lui
mandriar — om leeg te lê, te slampamper
mandriice (*f.*) — luiheid, nalatigheid
mandril (*m.*) — boorklem; draaibankkop; tandpriet
mandril (*m.*) — mandril(bobbejaan)
mandubi (*m.*) — grondboontjie
manducar (*coll.*) — om te kou, te eet
mané (*m.*) (*Bras.*) — mamparra, bobbejaan (*fig.*)
manear — om te hanteer
maneável — hanteerbaar
manejo (*m.*) — hantering
maneira (*f.*) — manier, wyse; styl; (*pl.*) maniere; **à maneira de** — soos; **de maneira nenhuma** — geensins; **de maneira que** — sodat
maneirismo (*m.*) — maniërisme, gekunsteldheid
maneiro, -ra — hanteerbaar; draagbaar
maneiroso, -sa — goedgemanierd
manejar — om te hanteer
manejo (*m.*) — hantering; bestuur; ryskool
manequim (*m.*) — kleremaakstersmodel,

anatomiemodel; (*Bras.*) mannekyn; modepop; winkelpop
maneta — afarm-, eenarmig
manga (*f.*) — mou; (*mech.*) naafbus; **manga de incandescência** — gloeikousie; **manga de povo** — groep mense; **manga de vidro** — lampglas; **em mangas de camisa** — in hempsmoue; **não ter pano para mangas** — om geen speelruimte te hê nie (*fig.*)
manga (*f.*) — veselperske, mango
manga (*f.*) (*Bras.*) — beeskamp
mangação (*f.*) (*coll.*) — gekskerdery; **só por mangação** — net vir die grap
mangal (*m.*) — mangoboord; mangrove-moeras
manganés (*m.*), **manganês** (*m.*) — mangaan
manganésico, -ca — mangaan-
mangar — om grappe te maak, die gek te skeer
mangona (*f.*) (*coll.*) — luiheid
mangueira (*f.*) — mangoboorn
mangueira (*f.*) — tuinslang, waterslang
mangueiral (*m.*) — mangoboord
mangueiro (*m.*) (*Bras.*) — beeskraal
manguito (*m.*) — oormou; obsene gebaar met die voorarm
mangusta (*f.*), **mangusto** (*m.*) — muishond
manha (*f.*) — lis, sluheid; (*Bras.*) gekerm;
cavalo (*m.*) **com manhas** — bedorwe perd
manhã (*f.*) — oggend; (*fig.*) begin
manhãzinha (*f.*) — dagbreek
manhoso, -sa — listig, slu; (*Bras.*) kermend
mania (*f.*) — manie, gier; **mania da perseguição** — vervolgingswaansin
maniaco (*m.*) — maniak; kranksinne
maniatar — om vas te bind; (*fig.*) om aan bande te lê
manicômio (*m.*) — malhuis
manicura (*f.*) — manikuur, manikuris
manietar — vide: **manietar**
manifestação (*f.*) — manifestasie, betuiging; betoging; **manifestação cultural** — kulturele geleentheid
manifestante (*m., f.*) — betoger
manifestar — om te manifesteer, te openbaar; om te betoog; **manifestar-se** — om te verskyn
manifesto (*m.*) — manifes; doeaneverklaaring
manifesto, -ta — duidelik, openbaar, klaarblyklik
manigância (*f.*) — set
manilha (*f.*) — armband; rioolpyp
manilha (*f.*) — manillatabak
maninelo (*m.*) — nar, hanswors
maninho, -nha — onbebou, bar

manipanso (*m.*) — negerafgod; diksak
 manipulação (*f.*) — manipulasie
 manipulador (*m.*) — hanteerder, manipuleerder; telegraafsleutel
 manipular — om te manipuleer, te hanteer
 manipuloso (*m.*) — handvol; handvatsel;
 Romeinse leërafdeling, manipel
 manita (*f.*) (*coll.*) — handjie
 manivela (*f.*) — slinger
 manja (*f.*) (*Bras.*) — ete; aan-aan (kinder-speletjie)
 manjar (*m.*) — delikatesse; nagereg; voedsel (*fig.*), spysse (*fig.*)
 manjedoura (*f.*), manjedoura (*f.*) — krip
 manjeriço (*m.*), manjerico (*m.*) — basielkruid
 manjerona (*f.*) — marjolein
 mano (*m.*) (*coll.*) — boet, boetie
 mano (*f.*) (*obs.*) — hand; **mano a mano** — beurtelings
 manobra (*f.*) — maneuver
 manobrar — om te maneuvreer
 manómetro (*m.*) — manometer
 manopla (*f.*) — ysterhandskoen
 manqueira (*f.*) — mankheid; (*fig.*) verborge swakheid
 manquejar — om mank te loop; om gebrekkig te wees
 mansão (*f.*) — herhuis
 mansarda (*f.*) — armoedige woning; dakkamer
 mansarrão, -rona — hondmak; gedwee
 mansidão (*f.*) — sagmoedigheit; makheid
 manso, -sa — mak; minsaam; pinheiro (*m.*) manso/amoreira (*f.*) mansa — gekultiveerde denneboom/moerbeiboom;
 manso de coração — sagmoedig; de manso — stilweg
 manta (*f.*) — kometers; nekdoek; tjalie;
 manta (da sela) — saalkleedjie; manta de retalhos — lappiesdeken; manta de toucinho — reep spek; pintar a manta — om 'n lawaai op te skop
 manteiga (*f.*) — botter; manteiga derretida (*Bras.*) (*fig.*) (*coll.*) — huiibalie; dar manteiga a alguém (*coll.*) — om iemand heuning om die mond te smeer
 manteigoso, -sa — vetterig, botteragtig
 manteigueira (*f.*) — botterpot
 manteigueiro (*m.*) — botterboer, botterhandelaar; (*adj.*) (*coll.*) kruiperig
 mantel (*m.*) — altaarkleed, tafeldoek
 manança (*f.*) — onderhoud; onderhouds-toelae
 manter — om te handhaaf, in stand te hou, te onderhou; **manter a palavra** — om woord te hou; **manter-se** — om te bly

mantéu (*m.*) — monniksmantel
 manteúdo, -da — onderhou; **mulher** (*f.*)
 manteúda — bywyf
 mantilha (*f.*) — mantilla
 mantimento (*m.*) — voedsel, voedselvoorraad; onderhoud
 manto (*m.*) — mantel, gewaad; **sob o manto da honestidade** — onder die dekmantel van eerlikheid
 manual — hande-, hand-; (*subst.*) (*m.*) handboek
 manucura (*f.*), manicuro (*m.*) — manikuur
 manuelino, -na — m.b.t. koning Manuel I
 manufactura (*f.*) — vervaardiging
 manufacturer — om te vervaardig
 manufatura (*f.*), manufaturar (*Bras.*) — vide: manufactura, manufacturer
 manuscrever — om met die hand te skryf
 manuscrito, -ta — handgeskrewe, in handskrif; (*subst.*) (*m.*) manuskrip, handskrif
 manusear — om te hanteer
 manutenção (*f.*) — onderhoud; handhawing
 mão (*f.*) — hand; carro (*m.*) de mão — kruiver; carro (*m.*) de segunda mão — tweedehandse kar; rua (*f.*) de mão única — eenrigtingstraat; dar uma mão — om 'n handjie by te sit; deitar mão a — om besit te neem van; om te vat; estar à mão — om byderhand te wees; estar com as mãos na massa (*fig.*) — om besig te wees; estar de mãos atadas — om nie in staat te wees nie; falar com o coração nas mãos — om uit die hart te praat; fazer mão baixa — om te steel; ir à mão de alguém — om iemand teë te gaan; lavar daí as mãos — om jou hande daarvan te was (*fig.*); meter os pés pelas mãos — om verward te wees; meter/pôr mãos à obra — om hand aan die ploeg te slaan; não ter mãos a medir — om jou hande vol te hê (*fig.*); pedir a mão de — om 'n huweliksaansoek te rig aan; ser mãos rotas — om 'n ope hand te hê; ter a mão leve — om altyd oorgehaal te wees (om te slaan); ter entre mãos — om besig te wees met; vir à mão de alguém — om met iemand saam te stem; à mão armada — met geweld; contra a mão — teen die verkeer, teen die stroom; em primeira mão — eerstehands
 mão-cheia (*f.*) — handvol
 mão-de-obra (*f.*) — arbeid; arbeiders, arbeidsmag
 maometano, -na maoméico, -ca — Mohammedaans; (*subst.*) Mohammedaan
 mãozudo, -da (*coll.*) — met hamhande
 mapa (*m.*) — landkaart; grafiek

mapa-múndi (*m.*) — wêreldkaart
maquero (*m.*) — baardraer
maqueta (*f.*), **maquete** (*f.*) — model
maquia (*f.*) — (*fig.*) (*coll.*) geld; (*obs.*) skepel
maquiavelismo, **-ca** — machiavellisties
maquiavelismo (*m.*) — machiavellisme; gewetenloosheid, sluhheid
maquilagem (*f.*), **maquilhagem** (*f.*) — grimering, opmaak
maquilar, **maquilhar** — om te grimeer, op te maak
máquina (*f.*) — masjien; **máquina de calcular** — rekenmasjien; **máquina de costura** — naaimasjien; **máquina de escrever** — tikmasjien; **máquina fotográfica** — foto-apparaat; **máquinas de teatro** — verhoogapparaat
maquinação (*f.*) — konkelary
maquinador (*m.*) — konkelaar, knoeier
maquinal — masjinaal, werktuiglik
maquinar — om te bewerkstellig; om te broei oor; **maquinar uma intriga** — om 'n komplot te smee; **o autor maquinou o enredo do seu romance** — die skrywer het die intrige van sy roman lank oordink
maquinaria (*f.*) — masjinerie
maquineta (*m.*) — masjientjie
maquinismo (*m.*) — meganisme; masjinerie (*fig.*)
maquinista (*m., f.*) — masjinis, bestuurder; verhoogbestuurder
mar (*m.*) — see; **alto mar** — oop see; **braço** (*m.*) **de mar** — see-inham; **deitar carga ao mar** (*fig.*) — om op te bring, te kots; **homem ao mar!** — man oorbord!; **nem tanto ao mar nem tanto à terra** — bewandel die middeweg
marabu (*m.*), **marabuto** (*m.*) — maraboe; maraboet
Maracanã (*m.*) — Rio de Janeiro se sokkerstadion; soort papegaai
maracujá (*m.*) — grenadella
maracujazeiro (*m.*) (*Bras.*) — grenadella-plant
marafona (*f.*) — snoël
marajá (*m.*) — maharaja
maranhão (*m.*) — leuen, groot lieg
maranhense — van die Brasiliaanse staat Maranhão
marasmo (*m.*) — marasmus; apatie
marasquino (*m.*) — maraschino, maraskyn
marau (*m.*) (*coll.*) — skelm
maravalhas (*f. pl.*) — skaafsel; bagatelle, nietigheid
maravilha (*f.*) — wonder, wonderwerk; **à maravilha/às mil maravilhas** — wonder-

lik, uitstekend
maravilhar — om te verwonder, te verbaas; **maravilhar-se** — om jou te verstom
maravilhoso, **-sa** — wonderlik, wonderbaarlik; (*subst.*) (*m.*) wonderbaarlike
marca (*f.*) — merk; handelsmerk; stempel; **cozinheiro** (*m.*) **de marca** — uitstekende kok; **patife** (*m.*) **de marca** — verbrande skurk; **peessoa** (*f.*) **de marca** — gedistingeerde persoon; **não chegar à marca** — om nie die paal te haal nie; **ter a marca de** — om die stempel te dra van; **ultrapassar as marcas** — om die perke te oorskry
marcação (*f.*) — merk; brandmerking; **marcação de lugar/bilhete** — bespreking van sitplek/kaartjie; **marcação da cena** — toneelmarkering
marçaço (*m.*) (*coll.*) — gure weer (in Maart)
marçano (*m.*) — leerjonge; debutant
marcante — markant, opvallend
marcar — om te merk, te stempel; **marcar o gado** — om vee te brandmerk; **marcar hora para** — om 'n afspraak te maak met; **marcar lugar/bilhete** — om sitplekke/kaartjies te bespreek; **marcar uma peça de teatro** — om toneelposisies te markeer; **marcar passo!** — markeer die pas!
marcessite (*f.*) — markasiet
marcenaria (*f.*) — skrynwerk; skrynwerkerswinkel
marceneiro (*m.*) — skrynwerker
marcescência (*f.*) (*poet.*) — verwelking
marcescente (*poet.*) — verwelkend
marcescível — verwelkbaar; kortstondig
marcha (*f.*) — mars; **fazer marcha à ré** — om agteruit te vaar; (*Bras.*) om te tru; **fazer marcha atrás** — om te tru
marcante (*m.*) — veehandelaar
marchar — om te marsjeer; om vlot te verloop; **frente, marche!** — voorwaarts, mars!
marketado, **-da** — ingelê (met ivoor, hout); (*fig.*) besaai
marketar — om (met ivoor, hout) in te lê
marketaria (*f.*) — inlegwerk
marcial — krygshaftig, marsiaal
marco (*m.*) — grensbaken; mylpaal
marco (*m.*) — mark (Duitse geldeenheid)
Março (*m.*) — Maart
marcofilia (*f.*) — studie van posstempels
maré (*f.*) — gety; **maré baixa** — eb, laagwater; **maré cheia** — vloed, hoogwater; **estar de boa/má maré** — om in 'n goeie/slegte bui te wees; **remar contra a maré** — om teen die stroom te roei;

estamos em maré de rosas — alles verloop glad vir ons
mareação (f.) — seevaart; **gente** (f.) de **mareação** (obs.) — skeepslui
mareagem (f.) — seevaart; takelwerk
mareante (m.) — seevaarder
marear — om die see te bevaar; **agulha** (f.) de **marear** — kompasnaald; **carta** (f.) de **marear** — seekaart; **marear as velas/ o barco** — om seile te hys/boot te stuur
marchal (m.) — maarskalk
marejar — om op te wel; as **lágrimas marejam-lhe os olhos** — sy oë swem in trane
maremoto (m.) — vloedgolf
maresia (f.) — slegte reuk van seeslik
marfado, -da — vererg
marfar — om te vererg, woedend te maak
marfim (m.) — dentine, tandbeen; ivoor; **deixar correr o marfim** — om sake hulle gang te laat gaan
marga (f.) — leem, mergel
margar — om met mergel te bemes
margarida (f.) — madeliefie
margarina (f.) — margarien
margarita (f.) — egte pèrel; pèrelouster; margariet
margem (f.) — oewer; kantlyn; rand; **deitar/lançar/pôr à margem** — om tersyde te skuif; **pôr-se à margem** — om jou eenkant te hou; **não tenho margem para tantas despesas** — ek kan nie vir sulke uitgawes voorsiening maak nie
marginal — marginaal, rand-, kant-; (subst.) verskoppeling (van die samelewing)
marginar — om te soom (fig.); om van 'n kantlyn te voorsien
margoso, -sa — leem-, leemagtig
margueira (f.) — leemgroef
margueiro (m.) — leemgrawer
marialva — tradisiebewus; (subst.) (m.) swierbol, pierwaaier
marianismo (m.) — Mariaverering
mariano, -na — Maria-
maribondo (m.) (Bras.) — perdeby
maricas (m.) — verwyfde man, meisieagtige seun
marido (m.) — eggenoot, man
marimba (f.) — marimba
marimbar — om marimba te speel; **marimbar-se** (fig.) (coll.) — om jou nie te steur aan
marimbondo (m.) (Bras.) — perdeby
marinha (f.) — vloot, marine; seeskap; **marinha de guerra** — krygsmarine, vloot; **marinha mercante** — handelsvloot
marinhagem (f.) — skeepsbemanning
marinharia (f.) — seelui

marinheiro (m.) — matroos; seeman; **marinheiro de água doce** — onervare seeman
marinho, -nha, marino, -na — marine-, seemarínismo (m.) — marinisme, letterkundige gekunsteldheid
mariola (m., f.) — vabond; (obs.) loopjonge
marionete (f.) — marionet
mariposa (f.) — mot, vlinder
mariqueice (f.) — verwyfde houding
marisco (m.) — skulpvis; (pl.) seekos
marital — huweliks-; **vida** (f.) **marital** — getroude lewe
marítimo, -ma — maritiem, see-, seevaart-; (subst.) (m.) seeman; **linha** (f.) **marítima** — seeverbinding
marmarinho (m.) (coll.) — lummel
marmelada (f.) — kweperkonfyt
marmeleiro (m.) — kweperboom
marmelo (m.) — kweper
marmita (f.) — kastrol; blikkantien
mármore (m.) — marmer
marmóreo, -ea — marmer-, marmeragtig; (fig.) hard, gevoelloos
marnota (f.) — terrein blootgestel aan oorstroming; kunsmatige soutpan
marnoteiro (m.), **marnoto** (m.) — soutpanwerker
marosca (f.) (coll.) — skelmstuk
marotagem (f.) — bende
maroteira (f.) — streek; skurkery
maroto (m.) — rakker, kannallie
marquês (m.) — markies, markgraaf
marquesa (f.) — markiesin; leuningsofa; (med.) ondersoektafel; (Bras.) afdak
marquesado (m.) — markisaat
marquesinha (f.) — sonsambree
marquesinho (m.) (coll.) — tandestokkie
marquês (f.), **marquise** (f.) (Bras.) — stadionafdak; vensterbalkon, glasbalkon
marrã (f.) — gespeende soggie
marrã (f.) — stoot (met horings)
marrã (f.) — paadjie (in hare); haarlok
marralhar — om koppig vol te hou
marralheiro, -ra — halsstarrig, koppig; slumarrallice (f.) — koppigheid; sluheid; **acaba com a marrallice** — hou op met neul
marrana (f.) — boggel
marrano (m.) — gedoopte Jood of Arabier wat in die geheim die ou geloof aanhang; (fig.) skurk
marrão (m.) — gespeende varkie
marrar — om te stoot (met horings)
marreca (f.) — eend; boggel; boggelrug
marreco (m.) — eend; boggelrug
marreta (f.) — voorhamertjie

marretada (f.) — hamerslag
marrom (Bras.) — kastaingbruin
marroquim (m.) — marokyn(leer)
marroquino, -na — Marokkaans; (subst.) Marokkaan
marshês, -lhesa — van Marseilles; **Marshesa** (f.) — Marseillaise, Franse volkslied
marsupial — buideldraend, buidel-; os **mar-supiais** — die buideldiere
marta (f.) — marter
Marte (m.) — Mars
martelada (f.) — hamerhou
martelar — om te hamer, in te slaan; (fig.) om in te hamer
martelo (m.) — hamer; hamerhaai; a **martelo** — onder druk
martelo-pilão (m.) — stoomhamer
mártir (m., f.) — martelaar, martelares
martirio (m.) — marteldood; (fig.) marteling
martirizar — om te martel, te folter
marujada (f.) — spul matrose
marujo (m.) — matroos
marulhar — om te suis, te druis
marulheiro, -ra — druisend, suisend
marulho (m.) — gedruis, gesuis; (fig.) warboel
marxismo (m.) — marxisme
marxista (m., f.) — marxis; (adj.) marxisties
mas — maar
mas — dit/hulle aan/vir my
mascar — om te kou; **fumo** (m.) **de mascar** — pruihtabak; **goma** (f.) **de mascar** (Bras.) — kougom
máscara (f.) — masker; fantasiekostuum; gemaskerde persoon; **baile** (m.) **de máscara** — gemaskerde bal
mascarada (f.) — maskerade
mascarado, -da — gemaskerd, vermom
mascarar — om te masker, te vermom; om te verberg
mascarilha (f.) — halfmasker
mascarra (f.) — klad, vuil kol, vlek
mascarrar — om (met roet) te besmeer, vuil te smeer
mascate (m.) — venter, smous
mascavado, -da — ongeraffineerd; (fig.) onsuiver; (Moç.) (subst.) (m.) Kleurling; **açucar** (m.) **mascavado** — bruinsuiker
mascavar — om (suiker) te sorteer; (fig.) om af te water; om te vervals; **mascavar uma lingua** — om 'n taal te vermink
mascote (f.) — gelukbringer
masculinidade (f.) — manlikheid
masculinizar — om te vermanlik
masculino, -na — manlik

másculo, -la — viriel, fors
masmorra (f.) — kerker
massa (f.) — massa; deeg; pasta; (coll.) geld; **sopa** (f.) **de massa** — noedelsop; **massa cinzenta** — grysstof, brein; **massa folhada** — blaardeeg; **falar às massas** — om die menigte toe te spreek
massacrar — om te vermoor, te slag
massacre (m.) — slagting, bloedbad
massagem (f.) — massering, massage
massagista (m., f.) — masseur, masseuse
masseira (f.) — kneebak, kneeskottel
mastaréu (m.) (naut.) — marssteng
mastigação (f.) — kou, koubeweging
mastigar — om te kou; om te herkou (fig.); **mastigar palavras** — om te mompel; **mastigar sabedoria** — om geleerdheid te vertoon
mastim (m.) — boelhond; polisieman, bloedhond (fig.)
mastodonte (m.) — mastodon, voorwêreldlike olifant; draak (fig.)
mastreação (f.) — bemasting
mastrear — om te bemas
mastro (m.) — mas; **mastro de carga** — laaiboom
mata (f.) — woud, bos; **mata virgem** — oerwoud
mata-bicho (m.) (coll.) — vroeë doppie/drankie; (Moç. en Ang.) ontbyt; footjie
mata-borrão (m.) — kladpapier
mata-burro (m.) (Bras.) — motorhek, veekeerder
mata-cavalo, a... — halsoorkop
mataco (m.) — aars
matadouro (m.), **matadouro** (m.) — slagpale
matador (m.) — matador; **com todos os matadores** — met alle benodighede/toebehore
matagal (m.) — digte bos
matalotagem (f.) — padkos, proviand
matalote (m.) — matroos; maat, kameraad
mata-moios (m.), **mata-mouros** (m.) — grootprater, kammaheld; tradisionele komiese teaterfiguur
mata-mosquito (m.) (Bras.) — muskietbestryder
matança (f.) — slagting, bloedbad; a **matança dos inocentes** — Kindermoord van Herodes
matar — om dood te maak; **comer/trabalhar a matar** — om jou dood te eet/te werk; **ficar a matar** — om perfek te pas; **matar o bicho** (coll.) — om 'n vroeë drankie/ontbyt te neem; **matar o bicho do ouvido a alguém** — om iemand te